'N GETUIENIS OP DIE SEE

Laat ons net bly staan, vanaand, vir 'n oomblik, en laat ons ons hoofde buig vir gebed, voor ons Here. Ek wonder vanaand, terwyl ons nou ons hoofde gebuig het, of ons enige versoeke het wat—wat nog nie beantwoord is nie, en jy wil hê die Here moet hulle antwoord, vanaand, steek jou hand op, as jy wil. Kom ons bid.

2 Ons Heilige Vader, ons nader U, vanaand, in die Naam van U Seun, die Here Jesus Christus, en kom op Sy uitnodiging na die groot Ewige Troon van God se genade. En ons bid, Vader, dat U vir ons die versoeke sal toestaan waarvoor ons vra. Nou, Vader, elkeen maak hulle versoek op hulle eie manier aan U bekend, en ek sal myne bekendmaak aan U, God, dat U elkeen van hulle versoeke sal beantwoord, dit is myne. En ek lê my gebed, saam met hulle s'n, op die Offer waar die Offerhande Daar lê. En, in die Naam van Jesus Christus, antwoord vanaand, Here, Gee vir ons almal die satisfaksie van geloof dat ons ontvang waarvoor ons vra. Red dié wat verlore is, gee vreugde vir dié wat reis, wat wag op die Koms van die Here, genees die siekes en die beproefdes, ontvang glorie en eer vir U Naam. Nou, met ons gebed, en met die lees van die Woord, en onsself, vertrou ons toe aan U, ons is in U hande, gebruik ons soos U dit goed vind.

3 Vader, ons weet dat daar baie mense is wat nie die Bybel sal lees nie, maar U het U Kerk geskrewe briewe gemaak, die Woord van God gemanifesteer. En mense kan lewens dophou, en sien wat die Woord van God is, want die lewe van 'n Christen gee uiting aan die Woord. Watter soort Christene moet ons dan nie wees nie, Here? Help ons om Bybel Christene te wees, dat die werke en Lewe van Jesus Christus deur ons bekendgemaak kan word. In Sy Naam, vra ons dit. Amen.

4 Mag maar sit. Wat 'n groot voorreg om hierdie drie aande saam met julle mense te hê! Ek wil, in die eerste plek, vir Broer Eddie bedank, dat hy my hiernatoe uitgenooi het, en om hierdie ander gawe broers hier te kry om te kom help, die musikante, en—en die suster wat die klavier gespeel het, en—en die broer en suster wat gesing het, julle het gedink ek het dit nie gehoor nie, maar ek het, ek het net daar reg in die motor gesit na ek opgery gekom het, en ek het die sang gehoor, vir die Indiaanse vriende wat vir ons gesing het, en—en die jong kêrel wat hierdie item gesing het. En ek wil dit op bandopname kry vir my eie gebruik, ek wil dit hê. En ek het bandopnames van mense van regoor die wêreld wat sing, en ek wil my Indiaanse vriende op die bandopname kry by die sang.

5 Ons bedank elkeen van julle, en vir die man wat ons hierdie ouditorium laat kry het, en ons is—is baie dankbaar. En ek vertrou dat—dat hierdie sal. . . Drie aande was net soort van by wyse van bekendstelling, net om julle te leer ken. En ek hoop om eendag terug te kom, as die Here wil en julle wil hê ek moet terugkom, sodat ons vir 'n lang tyd kan bly.

6 Ek het vanmiddag die voorreg gehad om af te ry na julle reservaat toe, af met die rivier, dink ek noem hulle dit, 'n klein inlaat, skiereiland, onder na waar die reservaat was, en saam met 'n broer, Christenbroer, in sy boot. Ons het visgevang en teruggekom. Ek het van die broers te siene gekry, buite op die meer, of, op die see, besig om vis te vang in hulle bote. En ek het gedink, toe ek daarbuite was: "Wens ons het vanaand tyd gehad om 'n preek te preek: 'Here, ons het heelnag probeer en niks gekry nie, maar ongeag, op U Woord sal ons die net laat sak.'" Gooi dit uit aan die ander kant van die boot. Maar, gepraat met hierdie broer, wat self 'n Indiaan is, en hy glo dit sal goed wees, miskien wanneer ek terugkom, om net af te kom na die reservaat, en vir 'n tydjie daar te bly, van plek tot plek onder die mense, en—en daar met hulle te praat, en saam met hulle te bid. Julle. . .

7 Eerlikwaar, dis. . . dit doen die diens 'n oneer om dit te hou soos ons dit hier hou, net in te hardloop, en julle kyk daarna, en wonder, en [Broer Branham klap sy vingers—Red.] weg. Sien? En ek het vandag gaan sit, en, vir hierdie Indiaanse broer verduidelik. En ek het al weer klaar sy naam vergeet. (Wat was sy. . .?) Broer Johns-. . . ['n Broer sê: "Robert Johnson."] Robert Johnson. Hy mag dalk met julle kan praat en julle meer daarvan sê; ons het in die kajuit opgeset. En terwyl ek dit vir hom verduidelik het, het ek gesê: "Broer Robert. . ." 'n sekere ding waarvoor ons sou vra. En hy het my vertel hoe die Here gebed beantwoord het, en vir hom sy klein seuntjie gegee het, ensovoorts, hoe sy vrou in die Gees van God geval het, en in tale gepraat het, en in sy taal gepraat het, sy en hy van 'n verskillende stam, en hoedat—dat God hulle geseën het, en alles. En toe het ek gesê: "Nou, gaan ons die Here iets vra." En ek het gesê: "Dan hierin, Broer Robert, dan sal jy weet om vir die mense te vertel." En toe ons vir die Here gevra het, hier het Hy reguit afgekom en dit openbaar.

8 En net toe, het die boot net oraloor geskud, en ek het gesê: "Dink jy ons het 'n stomp getref?" En hy het na my gekyk. Ek het gesê: "Nee, dit was Hy wat ons laat weet het. Sien?" En ons het reg agter deur gekyk, daar was geen stompe of niks wat daar gelê het om te tref nie, dit was ver uit op die see. So sien: "toe hulle gebid het, was die plek geskud waar hulle vergader was," julle sien. En hy sal dit altyd onthou, en ek sal ook, die Teenwoordigheid van die Here, terwyl die res van hulle uitgestrek was op die dek besig om te slaap. So, ons het 'n bietjie gemeenskap saam gehad. En ek hoop om weer te kan terugkom.

9 Julle—julle ken my skaars, en julle het 'n reg om bietjie agterdogtig te wees, ek is net dankbaar julle is nie. Miskien sal die ander wees. Maar ek het gedink miskien . . . Ek het uitgesien na so-iets dat ek die Here iets buitengewoon sou sien doen wat die res van hulle, hier onderin, sou laat sien wat gebeur het. En so vertrou ek. En daar is vir my vertel dat iets gebeur het gedurende die diens, en ek het vir Broer Robert vertel wat om vir die—die ouer van die persoon te sê, en so, van hoe om aan te gaan as Satan sou probeer om terug te kom. So nou . . .

10 En ek wil die wit mense bedank vir julle goeie samewerking, om hier in te kom om . . . saam met julle Indiaanse broers en hulle, en saam te staan, en dit te help borg, julle—julle skouers aan die—die wiel te sit, soos ons dit noem, en met al julle mag te stoot. En God het julle ook geëer, want daar's baie van die Gees . . . baiekeer wat die Gees van God uitgaan . . . uitgegaan het regdeur die diens hier en daardie gevang het, en hulle genees het. En—en ek wil julle bedank, so gaaf van julle. God seën julle.

11 En nou, of môre-aand, is ons in Victoria. Ek reken hulle het dit aangekondig, waar dit is, waar die diens sal wees, as sommige van julle vriende daarbinne het, wel, bel hulle wat siek is, ons sal bly wees om af te kom. Nou, wat ek graag sal wil doen wanneer ek terugkom, sal wees om net 'n lang tyd te neem, sien, en nie so lank te probeer bly op 'n aand nie, maar dan miskien dalk net 'n —'n oggenddiens te hê vir instruksie en te sê wat die vyand sal doen. En hulle waaruit die vyand gedryf is, hy dan terugkeer . . . Ons vind dat wanneer die onrein gees uit 'n man uitgegaan het, hy in droë plekke wandel, dan keer hy weer terug met sewe ander duiwels. En baie mense dink partymaal dat hoekom hulle siek geword het, dat dit 'n teken is, wel . . . Laat ons byvoorbeeld neem, net 'n oomblik van instruksie, want dis warm hier, en ek weet dis erg. Maar nou, byvoorbeeld soos . . . Laat ek net sien wat ons ne- . . .

12 Goed, kom ons neem byvoorbeeld, gewas. Nou, wat is *gewas*? Wat is *kanker*? Dis 'n vermeerdering van selle, kom van 'n klein afvallige selletjie. Nou, jy is ook vanaf een klein selletjie gemaak. Nou, deur die heilige huwelik, het jou moeder en vader te doen gehad met jou koms na die aarde. Eerste, is die saad va- . . . , of, eintlik, kom die eier van die vrou af, en die—die kiem kom van die man af. Nou, die hen kan 'n eier lê, of 'n voël kan 'n eier lê, en nie eers by die mannetjie voël wees nie, maar dit sal nooit uitbroei nie, dis nie vrugbaar nie, sien, dit moet by die maat wees om vrugbaar te wees. Nou, en so die . . .

13 Dis waarom in daardie geval van Christus is hulle . . . het party mense gesê Hy was 'n Jood, ons sou wou glo dat Hy 'n Indiaan was, ander wil glo dat Hy 'n Anglo-Sakser was, party sê Hy was Heiden; Hy was nie een van hulle nie, Hy was God, Hy was nie Jood of Heiden nie. Sien? Die bloedsel kom van die

manlike geslag. En in hierdie geval, het die Heilige Gees die maagd oorskadu, en daardie Bloedsel geskep, wat, God is nie Jood of Heiden nie, en Hy was die Bloed van God, Sy Vader. Sien?

14 Daarom, ons almal is gebore uit seksuele begeerte, en bloed in ons, is sondige bloed, deur 'n verdraaidheid om kinders op die aarde te bring. God het net gespreek, Adam het voortgekom. En die . . . So, die vrou was nie in die oorspronklike skepping nie, sy's 'n neweproduk van 'n man, Hy het uit sy sy, 'n—'n rib geneem. En hy . . . Adam was, in gees, beide man en vrou, beide vroulik en manlik in die gees, en God het die—die manlike van die vroulike geskei, en die vroulike in die vrou, en die manlike in die man gesit. En sien, beide liggaam en gees, is hulle een. Dis hoekom toe Sara gelag het vir die Engel, gesê het sy kon nie so wees nie, God daardie vrou net daar sou doodgeslaan het, maar Hy kon haar nie seermaak nie, want sy's deel van Abraham; Hy sou Abraham seermaak as Hy Sara sou neem. Dis hoekom ons sondes vandag, ons elkeen veroordeel sou gewees het, maar God kan ons nie neem nie, want, Hy dit doen, maak Hy vir Christus seer, ons is deel van Hom, ons is die Bruid, kan julle nie sien nie? So daar is dit. So, genade hou ons in ons foute tot ons beter kan sien. So dankbaar daarvoor.

15 Nou, daardie bloedsel, dis, kom . . . Nou, ons weet waar ons vandaan kom. Nou, as ek 'n man hier kon neem, en hom sel-vir-sel neem, en hom afbreek, sou dit terugkom, van die miljoene selle, terug na een klein selletjie in die skoot van sy moeder, en daardie sel het begin vermeerder. En elke saad bring voort van sy soort: hond na hond, voël na voël, mens na mens, sovoorts. En dit het die mens voortgebring, hy het bgein groei, groei, selle bou, tot hy by 'n sekere plek gekom het, dan stop hy, en hy's volgroei.

16 Nou, ons weet waar jou liggaam vandaan kom, maar in jou, sê, is daar 'n kanker, of 'n gewas, of 'n katarak, of 'n sist. Waar het dit vandaan gekom? Sien? Waar het daardie ding gekom? Sien, die eerste ding, die duiwel kan nie skep nie, dis hoekom die duiwel nie kan genees nie. Daar's net een Skepper, dis God.

17 Maar, die sel wat afvallig raak, gekneus . . . Soos op 'n vrou se bors kom daar partymaal 'n rooskanker, is as gevolg van die babatjie, of een of ander kneusing op haar bors, en daardie klein kneusplekkie, die sel breek en 'n ander lewe kom in daardie huis van die sel in. Wanneer daardie sel gekneus word, kom die lewe van die kanker daarin en begin selle vermeerder. Nou, sien, hier's 'n kanker of die gewas, 'n bietjie groter, groter, wat selle vermeerder. Wat doen dit? Suig jou bloedstroom, maak jou dood, vergiftig jou, dit sal jou uiteindelik kry. Die dokter, party kan, kan opereer, as hy dit in die vroeë staduim kry en neem, die hele ding rondom dit uitsny, maar as daar een klein stukkie oor is, [Broer Branham klap sy vingers—Red.] sal dit net so reguit weer aanhou groei.

18 Nou, ons werk nie in Goddelike genesing met daardie vergroeisel nie, ons werk met die lewe in daardie vergroeisel. Nou, byvoorbeeld, as jy 'n kanker op aarde was, werk ek—ek nie net met jou liggaam nie, ek—ek sou werk met die gees. As ek daardie gees uit daardie liggaam kan kry, sal dit outomaties teruggaan na die stof. Wel, as jy die lewe uit die kanker kan uitkry, sal dit neem . . . sal die natuur vir homself sorg. Nou kyk, wanneer die kanker sterf, of die gewas, wat gebeur nou? Onmi- . . . soos 'n katarak oor die oog, dit krimp. Enigiets wat sterf, krimp, ons weet dit. Vra jou ondernemer, kyk hoe hy 'n kunsoog uithaal, valstande, dit sal krimp.

19 Nou, soos julle broers hier, wat jag. Jy maak die takbok vanaand dood, jy sal hom huis toe bring, hom op 'n skaal sit, gaan vertel die res van hulle: "Daardie takbok het op die kop driehonderd pond geweeg." Wees versigtig in die oggend, sal dit baie ponde ligter wees, dit krimp. Maar, laat hom net 'n paar dae daar lê, sit hom dan terug op die skaal, hy sal groter wees as wat hy die eerste keer was. Hoekom? Die selle swel, hulle verrot, dis reg, begin verrot.

20 Wel, dis dieselfde ding wat daardie gewas doen. Die mense, eers kry hulle 'n verligting, hulle sê: "Sjoe, goeiste, ek voel beter. Goeiste, ek . . . Goed. Ek kan sien. Prys God! Ek kan sien." Binne twee-en-sewentig uur, gebeur wat? Dit begin om . . . Verderwing begin inkom. Die menslike liggaam, die neus val in. Sien? Dit begin verrot. Wel, daardie gewas doen dieselfde ding binne-in jou, en wanneer dit gebeur, begin dit swel. Dan sê jy: "O, ek het my genesing verloor. Ek het my genesing verloor." Dit, jou ongeloof bring daardie ding weer reguit terug. Sien?

21 Soos geloof dit doodgemaak het, wek ongeloof dit weer op. "Wanneer die onrein gees uitgegaan het, wandel hy in droë plekke om rus te vind. Dan keer hy terug met sewe ander geeste." Sien? Nou, as die goeie man van die huis nie daar is om hom te beveg nie, daardie geloof, wanneer hy terugkeer: "Ek gee nie om hoeveel ek voel, wat daarvan nie, ek weet ek's genees," sluit dit hom uit. Nou, jy mag dalk baie siek word, want hoekom? Dis soos 'n onsteking in jou liggaam. Die vergroeisel sterf, en dan verrot dit. En die hart, elke keer wat dit klop, gaan dit deur en suiwer die bloed; ons weet dit. Die bloed tel hierdie ontsteking op, want jy het koors en siekte, en jy raak erger as wat jy was in die . . . En mense dink hulle het hulle genesing verloor, wanneer dit eintlik 'n teken is dat hulle dit gekry het.

22 Nou, daar's net soveel wat daarmee saamgaan, ek het nie tyd om te verduidelik nie. Sien? Maar onthou net, wanneer jy . . . Nou, rede waarom ek nie nou die tyd neem om dit te verduidelik nie, is omdat as jy dit regtig glo, is daar niks wat in jou pad gaan staan nie, jy gaan dit in elk geval kry. Sien? En dan weer, met die—die—die Heilige Gees wat aankondig dat iets gedoen gaan word, kyk,

Dit sal vertel wat was, nou wag 'n bietjie, Dit sal vertel wat sal wees. Sien? Moenie te vinnig hardloop nie. Wag. Dan as Dit dit doen, spreek Dit Self, *daardie* was ek wat deur 'n gawe gespreek het, hierdie *ander* is SO SPREEK DIE HERE, wat Hy spreek. Glo met julle hele hart.

23 Nou, karakter. . . Altyd, jy. . . Al julle mense van die Kerk van God, lewe goed, lewe reg, mense kyk hoe julle lewe. En as daar enigiets is wat 'n belemmering is vir Christendom vandag, is dit die manier wat belydende Christene lewe: oneerlik, oneerbaar, en lewe op enige manier. Moet dit nie doen nie, ons is Christene. Iemand hou jou lewe dop, dis reg. Wees eerlik, laat almal weet. Laat jou transaksies eerlik en opreg wees, en—en—en moenie enigiets vat, wat nie aan jou behoort nie. Moenie enigiets sê behalwe wat waar is nie, en jy sal altyd, elke keer, die waarheid kan praat, en God sal die waarheid eer. En doen altyd wat reg is. Behandel almal reg; as hulle jou nie reg behandel nie, behandel jy hulle in elk geval reg. Sien? Jesus het ons reg behandel toe ons Hom nie reg behandel het nie. En Sy Gees in ons!

24 'n Klein storietjie is nou net van pas. Onder in die suide het hulle altyd slawe verkoop, julle Kanadese mense het al daarvan gelees, die salwerny in die suide. Wel, hulle het altyd rondgegaan, hulle gekoop soos gebruikte motors by 'n handelaar, 'n koopkontrak gehad, mense verkoop! Ek het nog nooit geglo dat enige mens 'n slaaf moes wees nie. God het die mens gemaak, en die mens het slawe gemaak. Niemand moet 'n slaaf onder die ander wees nie, ons is broers, ons kom van een groot stamboom, Adam en Eva in die tuin van Eden. Nou, geestelik is ons gebore uit God, dit verander ons karakter.

25 Maar net. . . Hierdie slawe hulle was, wel, oorgebring vanaf Afrika deur die Boere, en gebring na die eilande buite Florida, en is ingebring, ingesmokkel, en verkoop as slawe. En o, dis—dis jammerlik hoe hulle behandel is. En hulle was hartseer, hulle sou nooit weer teruggaan huis toe nie. Hulle sou 'n groot, sterk man neem, miskien 'n vrou gehad het met 'n paar kindertjies, en hy sou weggeneem word van daardie vrou, en hom verkoop en hom teel, soos beeste, met 'n groot vrou, om groter slawe te kry sodat hulle 'n groter vrag kon trek, ensovoorts. O, net soos diere! En dit was nie reg nie, was nie reg nie, was geen tyd reg nie, was nog nooit, en sal nooit reg wees nie. En so toe, deur dit te doen, die mense hartseer, en hulle sou hulle slaan, hulle laat werk, want hulle wou nie werk nie, hulle was weg van die huis af, hulle sou nooit weer hulle geliefdes nie, miskien, hulle kinders, hulle vader en moeder sien nie. En so een. . .

26 Hulle sou rondgaan, makelaars sou rondgaan, en hierdie slawe koop, en hulle herverkoop, soos jy met motors of iets maak. Eenkeer het hulle by 'n plantasie gekom, 'n makelaar, en hy het gesê: "Hoeveel slawe het jy hier?"

Gesê: "Omtrent 'n honderd-en-vyftig."

Gesê: "Ek wil hulle graag deurkyk."

27 En hy het opgelet hoe hulle party van hulle moes slaan om hulle aan die gang te kry, maar daar was een jong man daar, hulle hoef hom nie te geslaan het nie. Broer, sy skouers was regop, en sy ken regop, net op sy pos. O goeiste, wat 'n verskillende slaaf!

En die makelaar het gesê: "Ek wil daardie slaaf koop."

Maar die eienaar het gesê: "Hy's nie te koop nie."

Tog, gesê: "Is hy 'n baas oor die res van die slawe?"

Gesê: "Nee, hy is nie 'n baas nie, hy's net 'n slaaf."

"Wel," gesê: "miskien voer jy hom beter as wat jy die res voer."

Hy het gesê: "Nee, hy eet buite in die eetsaal saam met die res van die slawe."

Gesê: "Wel, wat maak hom soveel anders as die res van hulle?"

28 En die eienaar het gesê: "Jy weet, ek het self eenmaal daaroor gewonder, tot ek eendag uitgevind het, dat daar oorkant in die tuisland, is sy vader 'n koning van die stam, die hoofman, die koning van die stam." En gesê: "Al is hy 'n vreemdeling, weg van die huis af, weet hy steeds hy is 'n seun van 'n koning, en hy gedra homself soos een."

29 Wat 'n les vir jou en my! Ons mag onder sondaars wees, en vreemdelinge van die wêreld hier, ongelowiges, maar ons is seuns en dogters van God, van die Koning, God. Laat ons dan ons karakter laat wees, soos seuns en dogters van God, optree soos seuns en dogters van God, en nie rondgedryf te word, en gemaak . . . geforseer te word om die Woord te glo nie. Glo die Woord. God se seuns glo Sy Woord, God se dogters glo Sy Woord, en daarom moet ons ons karakter seuns en dogters van God laat wees, en die Heilige Gees ons laat vorm in gelowiges.

30 Baie dankie. God seën julle. En ek—ek hoop dat die Heilige Gees iets vir julle gedoen het dat julle Hom nooit sal vergeet nie, en julle Hom altyd sal liefhê. En as ek nie weer terugkom om julle te sien nie, God sy met julle, ek sal julle oorkant aan die ander kant ontmoet.

31 Ek gaan nou met my Indiaanse vriende praat. Ver onder langs daardie nimmereindigende wildpaadjies in die Hiernamaals, sal ek julle daar ontmoet. Ek sal wees . . . gaan stap met die wildpaadjie langs, sal ek almal ontmoet wat ek liefhet, hulle sal daar wees. Julle weet, dis die Indiaan se gebed voor die dood. So, ek sal julle ontmoet op die Wildspaadjie daarbo.

32 Aan julle witmense: Hy wat die maan helder laat skyn sodat ons weet hoe om in die donker te beweeg, mag Hy ook julle paadjie lei, ons sal in daardie heerlike Land ontmoet.

33 Ons Hemelse Vader, nou vertrou ons onsself toe aan U, open die Woord vir ons. Skenk dit, Vader. Ons sit in hierdie warm plek vanaand, mense wat waai, hulle kom nie hiernatoe om te sien hoe die ander een aangetrek is nie, hulle kom hiernatoe omdat hulle U liefhet. Baie van hulle het hulle geld gespaar, hulle pennies bymekaargesit en na die diens toe gekom. Hoe ons U dank, ons Vader. God, seën hulle. O, as ek genade in U oë gevind het, Here, antwoord my gebed vir elke siel wat in hierdie diens is. Skenk dit, God. En hulle wat bygewoon het, en hulle geliefdes, skenk hulle versoek, Vader, bid ek, as U dienskneg, met my hele hart, in Jesus' Naam. Amen.

34 Ek wil graag vanaand lees, en net 'n bietjie . . . Ek het gedink, oppad hiernatoe, ek sou oor 'n ander onderwerp praat, en ek het gedink: "Wel . . . " Daarbuite in die kar gesit ek . . . gewag, en ek het gedink . . .

35 Hier is dit alreeds, nou, omtrent twaalf minute voor nege. Eintlik, moet ons uit wees binne vyf-en-dertig minute, sien, volgens die skedule. En ek . . . Dis so lekker om met julle te praat, ek kan net geen plek kry om op te hou nie, ek hou net—net aan praat. So—so bid julle.

36 Ek gaan oor iets anders praat, net vir 'n paar minute. Dan dink ek gaan ek 'n gebedsry roep, en vir elke persoon bid wat hier is wat voor gebid wil word, vir elkeen bid. So, dat—dat julle bywoon, en miskien glo, en voor gebid wil word, sal ek vir julle bid. Sien? En ek wil hê julle moet glo. Nou, ons gaan net, probeer om net 'n bietjie geloof te bou en 'n klein bietjie maak van 'n . . . meer van 'n slaankrag aan die diens, en luister julle baie goed.

37 En nou, gaan ek lees uit Matteüs se Evangelie, die—die 12de hoofstuk, 26ste en 27ste vers, 'n teksie, bekend, reg volgens die boodskap. Ek wil nie my Indiaanse broers en susters op vier of vyf verskillende dinge kry nie. In hierdie min tyd, is dit beter dat ek reg op daardie selfde lyn bly. Hulle dit net goed genoeg snap, sal hulle dit ken, en glo hulle—hulle dit, ek . . . as ek kan weet waaraan hulle dink. Ek kan dit sê, want ek weet hulle glo dit, ek weet hulle glo. Nou:

> *En toe die dissipels hom op die see sien loop, word hulle ontsteld, en sê, Dit is n spook; en hulle het geskreeu van vrees.*
>
> *Maar dadelik het* Jesus . . . *Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek, en gesê, Hou* 'n *goeie moed; dit is Ek; moenie vrees nie.*

38 Nou, my onderwerp vanaand is: *'n Getuienis Op Die See*, soos wat ons vandag gedoen het, Broer Robert, as jy hier is, *Getuienis Op Die See*, en my—my teks vanaand is: "Dit Is Ek; Moenie Vrees Nie." So nou, mag die Here Sy seën voeg by die Woord.

39 Ek wil dit 'n dramatjie maak, soos 'n getuienis. Hoeveel hou van getuienis? O, goeiste! Broer Eddie het vir my vertel, gesê: "Jy weet, Broer Branham, na die dienste verby is daarbuite," gesê: "my Indiaanse broers," gesê: "sal hulle bymekaar kom en begin getuig, en 'n diens sal reg onder hulle uitbreek, en hulle sal gaan, almal soontoe gaan." En gesê: "Dan sal hulle naderhand stil word, dan sal iemand anders opstaan en getuig, en daar breek die diens weer uit." En gesê: "Hulle bly net daar, solank as wat die Gees daar is, bly hulle." Dis baie goeie—goeie gesonde filosofie, nie filosofie nie, maar verstandig, is om by die Gees te bly.

40 Julle weet, waar ook al die Gees van God beweeg het, daardie Vuurkolom, waar Dit ook al beweeg het, dan het die kinders van Israel saam met Dit gegaan. En toe Dit uit die Katolieke kerk uitbeweeg het, destyds honderde jare gelede, het Luther Dit gesien, en het hy saam met Dit gegaan; maar toe het hy 'n organisasie onder Dit gebou, God het reg onder die organisasie uitbeweeg. En toe het Wesley dit gesien, in Engeland, en hy het 'n kerk gebou wat die Wesleykerk genoem word. Na sy dood, het hy, en—en Whitefield, en—en Asbury, en hulle, het hulle die organisasie gebou, en God het reguit daar uitbeweeg. En 'n groep mense wat die Pinksters genoem word, hulle het Dit gesien, en daar het hulle gegaan, maar wat hulle gedoen het, hulle het dieselfde ding gedoen, 'n organisasie reg onder Dit gebou. En God beweeg net reg onder die organisasie uit, hou aan beweeg. Volg die Vuur. Nou, ek—ek bid dat God se rykste seën, op hom.

41 Dit moes omtrent hierdie tyd van die aand gewees het, die son was besig om onder te gaan. Dit was 'n groot dag gewees, en die groot visserman, daardie yslike groot skouers, het daardie boot van die wal af weggestoot, en toe hy die agterkant afgekry het, het hy net ingeklim, en langs sy broer, Andréas, gaan sit.

42 Nou, in daardie dae het hulle nie 'n boot gehad soos waarin ons vandag was, met 'n enjin daarin wat aangegaan het nie. Hulle het roeispane gehad, en hulle het dit 'n skip genoem, partymaal het hulle 'n seil op gehad, en as die winde gewaai het, kon hulle seil, en draai, soos julle vissermanne weet. Maar dan, dit is altyd vir my 'n raaisel hoedat jy, met daardie seil, jy die wind kan beheer, net reguit teen die wind kan gaan, en die wind wat jou vorentoe neem reg daarteen; dis net hoe jy jou seile span. Dis hoe dit met geloof ook is, as jy net weet hoe om jou seile van geloof om te draai, sal dit iets vir jou doen, reg in die moeilikheid, sal dit jou reguit daar deurstoot, as jy net weet . . . Nou, julle matrose hier weet waarvan ek praat. Let op.

43 Toe het hy sy roeispaan geneem, hulle het groot lang roeispane gehad, en hulle het hulle boot geroei, en hulle sou gaan sit en 'n paar keer roei, dan terugwaai na die wal vir die mense op die wal, hulle het pas 'n groot diens gehad daardie middag. O, daar was 'n wonderlike diens. Groot dinge is gedoen, en die

mense was so bly, dat hulle op die oewer staan en skree het: "Totsiens. Kom terug en sien ons weer."

44 En julle . . . Wanneer julle 'n goeie diens soos daardie gehad het, broer, haat julle dit nie om dit te verlaat nie? Net soos ek dit haat om te dink hierdie is ons laaste aand hier vir 'n tydjie, haat net om weg te gaan. Wens ons het omtrent twee of drie weke gehad om hier te bly. En—en toe hulle vertrek het, het hulle dieselfde gevoel oor daardie broers, en hulle het gewaai: "Totsiens. Bring Hom terug. Kom terug en bly weer by ons, ons wil julle hier oorkant sien."

45 En hulle het die see oorgesteek. O, dit was baie stil, en glad, en die roeispane wat in die water gesak het, wat musiek in 'n bootman se ore is, om daardie roeispane in die water te hoor sak. En hulle het totsiens gewaai, en nog 'n paar maal getrek en totsiens gewaai, en soos die bootjie verder gegaan het, en die son laer gesak het die heeltyd. Naderhand het die mense op die wal kleiner en kleiner geword, en die bootjie het kleiner geword vir hulle, naderhand kon hulle hulle nie meer sien waai, of hulle meer "totsiens" hoor roep vir hulle nie.

46 En hulle het gesê: "Ons moet opskud." En so, het hulle nogal hard geroei tot die son ondergegaan het, heeltemal onder, toe het dit afgekoel op die Galilése meer. En dit moes die jong Johannes gewees het, hy was 'n jong kêrel, hy moes gou moeg geword het, want hy was nie 'n ou rowwe sout, soos wat daardie ander kêrels was wat daardie bote geken het, en hoe om vis te vang, en alles nie. Hulle was almal vissermanne, so hulle het geweet hoe om daardie roeispane te trek, Simon, en Andréas, en hulle almal, maar Johannes was jonk.

47 Ek hoor hom sê: "Sjoe, goeiste! Broer, hmm, kom ons rus 'n bietjie, ek word moeg." So hulle het die roeispane opgetrek, en jong Johannes het 'n tydjie daar gestaan met sy kop onderstebo, en sy donker hare wat oor sy oë gehang het, en hy het dit weggevee, hy het gesê: "Ek wil graag 'n getuienisdiens hou, dis 'n goeie ding, terwyl ons rus. Ek wil graag 'n getuienis diens hou, en ek wil graag die eerste een wees om te getuig." Julle weet, wanneer jy iets het om te sê, kan jy dit net nie stil hou nie, jy moet dit sê, bars net uit jou uit, jy moet dit sê.

48 "Ek wil graag 'n getuienisdiens hou," het jong Johannes gesê: "en ek sal graag hierdie getuienisdiens wil begin. Broers," terwyl hy opstaan in die boot, julle weet: "broers, ek wil graag dit sê: Dat dit . . . Maak nie saak nie, van hierdie dag af, hoeveel mense vir ons sê ons is verkeerd nie, hulle kan my glad nie meer vertel nie. Ek het hulle ons Meester 'n fortuinverteller, die duiwel, Beëlsebub, allerhande name hoor noem. Maar ek weet hulle is verkeerd, want vandag, toe ek Hom sien doen het wat Hy vandag gedoen het, het dit dit vir altyd afgehandel vir my."

49 Nou, hy het gesê: "Julle weet, toe ons mense die eerste keer hiernatoe gekom het van Egipte af, opgekom het deur Palestina, en oorgekom het in hierdie land in . . . Ek het altyd op die heuwel net bo Jerigo gewoon. En as 'n klein seuntjie, 'n klein Joodse seuntjie, het ek altyd op die heuwels gehardloop en gespeel. En in die middag na my ma my middagete gegee het, wel, sou sy my inroep en my op die stoep laat sit. En in die lentetyd, sou ek 'n handjievol blomme pluk en vir haar gee. En my mooi Joodse moedertjie sou daar sit, en my kop streel, en my hare terugkam, en vir my Bybelstories vertel tot ek aan die slaap geraak het. O, ek onthou nog daardie Bybelstories!" Dis tog te jammer dat ons vandag ons kinders soveel vertel van Davy Crockett, of so-iets, in plaas van oor Christus. Ons vertel allerhande ander stories behalwe die Bybelstories.

50 En so, dan die eerste ding waarvan jy weet, het hy gesê: "My moeder het my elke dag 'n storie vertel. Sy sou my vertel: 'Johannes, reg af met die rivier hier, 'n entjie, in die maand van April, het Josua, daardie groot soldaat, met God gepraat, en God het die rivier laat opdam, en Israel het, toe die Jordaan in vloed was, op droë grond oorgegaan. En toe hy oorgegaan het, het hy die Leërowerste van die leër van die Here by die poort van Jerigo ontmoet. En hoe, hoedat God, in die woestyn, ons mense uitgebring het! Nou, Johannes moet nooit vergeet nie, God het, deur 'n profeet, Moses, onder 'n groot Vuurkolom, die volk uitgelei na hierdie beloofde land toe. En jy weet, Johannes, my ou seuntjie,'" en gesê: "ek sou opkyk in my ma se gesig, en sy het gesê: 'Johannes, jy weet, God het vir ons mense gesê: "Julle hoef nie enigiets te bring om te eet nie, Ek gaan julle voed terwyl julle in die woestyn is." En Hy het brood afgebring, elke aand, en dit alles mooi uitgelê op die grond. En die volgende oggend, was al wat ons volk moes doen, om uit te gaan en daardie brood op te tel en dit te eet.'"

En hy sou sê: "Jy weet waarom . . . Ek het vir my ma gesê? 'Ma, God het wat gedoen? Wie was dit, wat daardie brood afgebring het?'"

'"God, Hy het die brood afgebring, en dit uitgelê sodat ons volk kon eet, en dit elke aand afgebring vir hulle.'"

51 "En ek onthou, broers," sou hy vir die res van hulle sê: "Ek onthou ek het altyd vir my ma gesê: 'Ma, het God 'n yslike groot ry oonde daarbo en 'n hele klomp Engele wat in die aand werk? En Hy sit al die brood in die oonde, en Hy bak dit, en hardloop dan af en sprei dit uit op die grond?'

52 "Sy het gesê: 'Nee, Johannes. Jy's net 'n klein seuntjie, jy verstaan nie. Sien, God is 'n Skepper, en God hoef nie oonde te hê nie, Hy spreek net, en Hy het die brood geskep.'"

53 Toe het hy gesê: "Broers, vandag, toe ek Hom daardie twee vissies en vyf broodjies sien neem het, klein broodjie, en daardie

brood breek en vyfduisend voed, het ek geweet Dit was dieselfde Jehova wat ons volk gevoed het. En hier voed Hy hulle vandag nogsteeds. Daar's geen vraag in my gemoed, behalwe dat. . . Kyk hoe Hy in Sy gesig gelyk het, Hy was glad nie ontsteld nie, Hy het presies geweet wat om te doen. Julle onthou, Hy het vir ons gesê Hy het gedoen wat die Vader Hom gewys het. En daar het Hy gestaan, toe honderde en. . . vyfduisend mans en vroue en kinders, honger, heeldag aangegaan het sonder enige kos, deur die stof, net om 'n Woord of twee van Sy kosbare lippe te hoor, moeg, het Hy op die klip gesit, en 'n klein seuntjie wat weggebly het uit die skool," julle weet, rondgeloop "en gaan visvang het. En hy het Jesus gehoor, en hy het verbygekom, hy's die een wat die middagete gehad het."

54 Nou, luister, klein seuntjies, klein Indiaantjies, en witmense, wat julle ook al is, julle sien, daardie klein seuntjie het net vyf broodjies en twee stukkies vis gehad. Dit was nie veel vir hom, solank dit in sy hand was nie, maar toe hy die bietjie wat hy gehad het, vir Jesus gegee het, het dit vyfduisend gevoed. Sien, ons het nie veel nie, maar die bietjie wat ons het, as ons dit net vir Hom sal gee, sal Hy dit vermenigvuldig, sien, en dit groot dinge laat doen. Die bietjie geloof wat jy het, lê dit op Hom en sê: "Hier is alles wat ek het, Here, maar ek gaan daarmee glo." Kyk wat Hy daarmee sal doen. Kyk net wat gebeur, bly reg daarby. Kyk hoe Hy jou ombring deur elke draai, en jou net reguit na die belofte toe bring waar Hy dit gemaak het. Ja, Hy ken die pad.

55 Nou: "En toe ek Hom daardie vyfduisend sien voed het, net so kalm daardie brood daar sien staan en breek, en ek het rondom geklim, en bo-op die rots gekom, oor Sy skouer gekyk om te sien hoe Hy dit doen. Hy het daardie brood geneem, en Hy het dit gebreek, dit vir iemand aangegee, en toe Hy gegaan het om weer te neem, was dit weer daar."

56 Ek wil vir julle iets vra, broer, wetenskaplikes, of wie ook al ma-. . . Watter soort atoom het Hy losgelaat? Elke keer, nie net koring en melk, wat in die brood ingaan nie, maar dit was alreeds gegroei, gebak, en gereed om te bedien. Elke keer wat Hy Sy hand uitgesteek het daarna, was dit daar. Daardie brood afgeskeur, dit uitgedeel, weer geneem het, was dit weer 'n nuwe brood. Aangehou om dit af te skeur, dit so uit te deel, en elke keer wat Hy hierdie vis, vissies opgetel het, kleintjies, wat ons hulle noem, klein harings miskien, omtrent so lank, en Hy het dit gaar gehad. So Hy het net die deel daarvan afgebreek, dit uitgedeel, en weer geneem, en daar was nog 'n klaargaar haring. Amen. O, goeiste! Nou, dis die waarheid, die Bybel het so gesê. Daar was dit. Hy het daardie haring laat groei, hom vetgemaak, en hom gekook, en hom gebak, en hom gereed gehad. Net skaars Sy hand weer uitgesteek, en dit weer afgebreek, en weer uitgesteek, en daardie haring het net aanhou groei, hom net so afgebreek. En

elke keer wat Hy 'n broodjie geneem het, sou Hy net sê: "Hier," en die brood het weer teruggegroei. "Hier is dit, hier is dit."

57 "En ek het daar gestaan," sê jong Johannes: "en my hart het net binne-in my gespring, want ek het geweet in daardie klein liggaampie was Jehova. God was daarbinne, want dis dieselfde God waarvan my ma my altyd vertel het, Wat brood in die hemele kon skep, en hier is Hy—Hy op aarde besig om dieselfde ding te doen." Amen. O!

58 En hy het begin skree. Andréas het gesê: "Wag 'n oomblik, Johannes. Jy skud die boot, jy sal ons almal hier laat uitval. Moenie so opgewonde raak nie." Hy het net rondgespring, geskree: "Glorie aan God!" En hy het gesê: "Gaan sit, Johannes. Jy's in 'n boot, jy sal ons laat omkantel."

59 En Simon, wat daar gesit en sweet het onder die kraag: "Maak gou, Johannes, ek moet iets sê." O, goeiste! Julle weet, dis wat ons doen in 'n getuienisdiens. "O, ek wens hy wil nie soveel sê nie. Ek wens hy wil stilbly. As ek net iets kan sê. . . " Dis wat. . . O, dit borrel net oor, julle weet. Die Bybel het gesê dit sou fonteine water bring, wat opborrel. Amen. Kan net nie stilbly nie.

60 Jesus het vir die vrou by die put gesê, die water wat Hy gee sou fonteine wees wat opborrel. Sjoe, goeiste! En ek sê vir julle, na hulle daardie diens daardie dag gesien het, het hulle almal geborrel daarbuite op daardie see.

61 En klein Johannes moes uiteindelik gaan sit, want groot Simon het opgestaan. Hy het gesê: "Julle weet, Andréas, my broer hier, nou, sit stil, toe Andréas my kom vertel het van, dat hy die Messias gevind het, kon ek nie sulke dinge glo nie, want ek was 'n Bybelleser, ek weet wat die Bybel sê. So, eendag het hy. . . na ons ons nette gewas en ingekom het, is ek in die Teenwoordigheid van Jesus ingeneem. En ek onthou, eendag, toe my ou pappa. . . Julle almal ken hom, o, die Fariseër, 'n regte stoere gelowige. Ons was sonder kos, ons het niks gehad om te eet nie. En ons was vissermanne, ons het langs die kus gewoon. En ons vader het ons geleer om vis te vang, in die see, vir ons lewe, hy het ons seuns grootgemaak om eerlik te wees, en te doen wat reg is. En ek kan my ou pappa sien met daardie grys hare wat afhang.

62 "En toe ons daardie dag gegaan het. . . En mamma het reeds heengegaan na die Hemel, en net ek, en Andréas, en pappa. En ons het 'n paar rekeninge geskuld, en daardie oggend voor ons vertrek het, o, kan ek net my ou pappa sien neerkniel langs daardie boot, en sê: 'Groot Jehova, U het gesê: "Moet geen mens enigiets skuld nie," en ek's in die skuld. Ek was nie in staat om enige vis te vang nie. Geeneen van die ander hier langs die kus vang enige vis nie, hulle loop net nie. Maar, God, U is die Skepper, ek het vis so nodig, sal U my nie vandag help om vis te vang nie?' En daardie dag het ons 'n fantastiese vrag vis gevang.

63 "En toe ons ingekom het, en ons ons nette gewas het, onthou ek dat pappa gaan sit het en sy arm om my gesit het, en gesê het: 'Simon, my seuntjie, pappa word oud, ek sal binnekort moet gaan om by ons mense aan te sluit. My hele lewe lank, seuns . . . Kom hier, Andréas, en sit op my knie. My hele lewe lank het ek geglo dat ek die Messias sou sien. Ek het geglo ek sou die Christus sien, waarvoor al ons mense gewag het, vir hierdie duisende jare, en sonder twyfel, maar nou, sal ek Hom nie sien nie, want my dae is omtrent verby, maar julle seuns mag Hom dalk sien. Nou, ek wil nie hê julle moet heeltemal deurmekaar en geïndoktrineer wees met die moderne mode van die dag nie, maar ek wil hê julle seuns moet onthou dat wanneer die Messias kom, wanneer Hy kom, onthou die Skrif sê Hy sal 'n profeet soos Moses wees.'

"En ek onthou my ou pappa, onthou toe ons hom weggelê het."

Andréas wat sy kop knik: "Dis reg."

64 "En toe ek en Andréas geloop het tot voor Jesus, het Hy na my gekyk en Hy het gesê: 'Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.' O," het hy gesê: "dit het dit vir altyd afgehandel, net daar! Ek het geweet Dit was *daardie* Profeet, want nie net het Hy my geken nie, maar Hy het geweet daardie goddelike, ou vader van my het my geleer om altyd God se Woord te glo, en daardie Messias sou 'n Profeet wees. Hy het hom ook geken, dit het dit vir my afgehandel."

65 En natuurlik, op daardie tyd het Filippus omgekyk na Natánael, net gelag, julle weet, gesê: "Is dit alles so, Natánael?"

Hy het gesê: "Gaan voort, Broer Filippus."

"Wel, julle weet, toe ek gesien het dat dit gedoen is, het ek om die heuwel gehardloop om by Natánael te kom, daar oorkant. En wat daarvan, Natánael?"

Hy het gesê: "Laat ek dit vertel! Laat ek dit vertel!"

"Wel, moenie die boot skud nie. Sit stil."

66 Hy het opgestaan, opgestaan en begin praat, julle weet. Hy het gesê: "Wel, ek het altyd . . . Ek en Filippus het die Skrifte bestudeer, en ons het geweet dat—dat die moderne kerk nie die gang daarvan gehad het, by verre nie, want hulle het gesoek na een of ander *klas* om uit die Hemel te kom. En hulle het nie geglo dat—dat God sou kom nie, maar ons het geglo dat God 'n Mens sou wees."

67 Dit behoort treffend te wees. Toe God Sy vorm verander het, toe God een van ons geword het om ons te kon red, moes Hy . . . In die Ou Testament, moes jy, voor jy kon verlos, moes jy 'n bloedverwante losser wees. Die storie van Rut bring dit pragtig. Sien? Moes 'n bloedverwant wees, en God moes Bloedverwant aan ons raak, Een van ons word. Dink aan Jehova God in 'n krip wat soos 'n babatjie huil, dink aan Hom wat speel soos 'n Seun,

dink aan Hom wat 'n huis bou uit die einste hout wat Hy geskep het. Amen.

68 Hulle het geglo Hy sou wees, en Hy sou daardie groot Profeet wees. En Natánael het gesê: "Toe ek voor die aangesig van die Here Jesus ingeloop het, soort van bietjie skepties oor wat Filippus my vertel het, en wat Filippus my vertel het, gesê: 'Wel, Hy mag jou selfs vertel wie jy is wanneer jy daar kom, sou my nie verbaas nie.'" Maar gesê: "Toe ek voor Sy aangesig ingeloop het, het Hy gesê: 'Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie!' En ek het vir Hom gesê: 'Rabbi, wanneer het U my ooit geken?' Gesê: 'Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.' Dit het dit afgehandel.

69 "En julle weet wat ek gedoen het, broers? Julle was daar. Ek het reguit opgehardloop, en aan Sy voete neergeval, en gesê: 'Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.' En daar het my pastoor daar oorkant gestaan met . . . opgeblaas soos 'n brulpadda, daar oorkant gesit en kyk na my, maar dit het nie toe enige verskil gemaak nie, want ek het die regte ding gesien. Ek het in elk geval nadergehardloop en dit geglo," gesê: "want ek het geweet die Bybel het gesê dis presies wat Hy sou doen."

70 O, sou ons nie vanaand 'n getuienisdiens kon begin nie? Wat God gesê het Hy sou doen in die laaste dae, ons sien dat dit gedoen word. Amen. Maak nie enige verskil wat enigiemand anders sê nie. As hulle 'n Presbiteriaan wil wees, Anglikaan, of wat jy ook al wil wees, dis in die haak, dit hang van hulle af. Maar ons het iets gesien, ons het die Skrif in die laaste dae gesien wat Hy sou doen, en ons het Hom Sy Gees sien uitstort op die plek. Halleluja! En sien tekens en wonders wat gedoen word, sien die einste Teenwoordigheid van die lewende Christus wat Homself manifesteer. En nou, regdeur die Skrif, waar Hy Sy laaste teken gewys het aan 'n geslag, het dit dit beëindig. En hier sien ons die laaste teken van die geslag, soos Hy gesê het, in die aandtyd, sou dit gebeur.

71 Nou. O, hulle moes 'n regte getuien- . . . Andréas het gesê: "Broers, kan ek net 'n woord sê? Ek wil graag iets sê. Onthou julle die keer toe ons opgegaan het daar na Sigar, en ons weggestuur is, na die stad, om kos te gaan koop? En toe ons teruggekom het . . . Ons Meester wou nie saam met ons in die stad ingaan nie, maar Hy het sit en rus. En toe ons terugkom, het ons iemand hoor praat, en ons het agter die bos ingeglip, en oor die bos gekyk, en daar was 'n ontugtige vrou, 'n slegte vrou, 'n prostituut, besig om met ons Meester te praat. Onthou julle nog hoe verstom was ons? Ons het gedink: ''n Vrou soos daardie, wat met ons Meester praat? Kyk hoe gaan Hy haar nou uitskel, kyk nou hoe gaan Hy haar uit Sy Teenwoordigheid wegjaag.'" Dis wat hulle steeds dink. Hy doen dit nie.

72 "Maar ons het uitgevind dat Hy haar 'n guns gevra het. Hy het gesê: 'Bring vir My water om te drink.' Wel, ons weet dat geen rabbi, of geeneen van ons Fariseërs nooit vir 'n vrou soos daardie sou vra om enigiets vir hom te doen nie. Maar hier was ons Meester, die God van die skepping, wat hier sit in 'n liggaam van vlees en 'n onsedelike vrou vra om vir Hom water te bring om te drink, Hom 'n diens te bewys." Amen.

73 Dis wat Hom God maak vir my, omdat Hy Homself verneder het. God is nederigheid, moet dit nooit vergeet nie. Nederigheid is God. Nooit spog nie, dis altyd nederigheid.

74 "En ons het na Hom geluister. Ons het gedink: 'Hy gaan tog sekerlik binne 'n oomblik 'n stok gryp en haar terugjaag, die stad waar sy hoort.' Maar Hy het gesê: 'Bring vir My water om te drink,' en die . . . hulle het oor godsdiens begin praat. Sy het gesê: 'Ons aanbid in hierdie berg; julle sê in Jerusalem,' ensovoorts, en Hy het vir 'n rukkie met haar gepraat. En naderhand, het Hy vir haar gesê: 'Gaan, haal jou man en kom hiernatoe.' En sy het omgedraai en gesê: 'Ek het nie 'n man nie.' Onthou julle?"

75 Matteüs het gesê: "Ja, ek onthou." Hy's die een wat dit geskryf het, julle weet. Hy het gesê: "O, ja, ek—ek onthou dit, my hart het gesink. Ek het gedink: 'Goeiste, goeiste! Uh-huh! Daar's ons Meester een keer verkeerd.' Sien? Want Hy het vir haar gesê sy het 'n man, om haar man te gaan haal, en sy het gesê: 'Ek het geen man nie.' En toe draai Hy om en sê: 'Jy het die waarheid gepraat.' Toe was ons almal verward. Hier sê Hy: 'Gaan, haal jou man,' sy het gesê: 'Ek het nie 'n man nie,' Hy het gesê: 'Dis reg.'

Kyk. "Gaan haal jou man."

"Ek het nie 'n man nie."

"Jy's reg."

76 Nou: "O, ons was almal verstom, en ons harte het geklop, en ons het opgestaan agter die bosse agter Hom om te kyk wat Hy volgende gaan sê. O, Hy was verkeerd! Sy het gesê: 'Ek het nie 'n man nie,' en tog het ons geglo dat Hy die Messias was. Hoe kon daardie groot Messiaanse teken verkeerd wees? En ons het geweet Hy was Messias, want Hy het die teken van Messias gedoen. Daarom het ons . . . " Messias is God, die gesalfde, en die gesalfde is die Woord, en die Woord is gemanifesteer. Sien? "Ons weet dat Hy Messias was. En hier was Hy, elke keer het dit getref behalwe hierdie keer, maar nou het dit gemis, want Hy het vir die jong vrou gesê: 'Gaan, haal jou man,' sy het gesê: 'Ek het nie 'n een nie.' Hy het gesê: 'Jy het die waarheid gepraat. Jy het reg gesê, want jy het vyf gehad, en die een saam met wie jy nou lewe is nie joune nie.'" O!

77 "En ons het opgelet wat daardie vrou gesê het. Sy het omgedraai met geskokte oë, en sy het gesê: 'Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is.'" Nou, daardie, eintlik, is verkeerd vertaal

in die Koning James. Dis goed, dis aanvaarbaar soos dit. Maar as julle julle kantlynaantekening daarvan vat, en dit terugneem na die oorspronklike Grieks toe, en baie van die geleerdes hier lees dit, het dit gesê: "U is *daardie* Profeet." Sien? Dis die kantlynaantekening: "U is *daardie* Profeet." "'Ek onderskei dat U *daardie* Profeet is. Nou, ons weet dat wannneer Messias kom, wat die Christus genoem word,'" *daardie* Profeet, Messias, en Christus, almal dieselfde Persoon, "'wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel.'

"En Jesus het gesê: 'Ek's Hy wat met jou praat.'

78 "En daardie vrou het in die stad ingehardloop en al die mans begin vertel: 'Kom sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het,'" nou, kyk: "'vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?' En julle weet, ons het almal in die stad ingegaan om uit te vind wat gebeur het, en al die mans in daardie stad het die vrou se getuienis geglo. O, dit was 'n wonderlike tyd!"

79 Omtrent daardie tyd het Matteüs gesê: "Wag. . . " of gesê: "Wag 'n bietjie. Ek wil. . . Ek het iets wat ek wil sê. Laat ek sommer gou getuig." Dit het soort van 'n bietjie laat geword, julle weet. "Laat ek getuig." Gesê: "Julle onthou die keer dat ons suster, Rebekka. . . Sy het in Jerigo gebly. En ons Here het afgegaan om—om aandete in Jerigo te gaan eet, en ons het in die stad ingegaan. En onthou julle hoe Rebekka getuig het? O, julle onthou, sy het versoek in elke diens: 'Bid dat my man gered sal word. Bid, my man gered sal word.' Sy naam was Saggeüs, die klein kêreltjie." Hy was 'n sakeman. Kom ons glo hy het 'n restourant bedryf, en hy het baie stywe komposisie gehad, kompetisie, liewer, en hy was baie ontsteld dat Jesus by 'n ander plek sou gaan eet, asof sy plek nie goed genoeg was nie.

80 "En Rebekka het die heeltyd gebid. Sy het gesê: 'Saggeüs, jy—jy mag baie kompetisie hê, en jy mag 'n goeie verhouding met Rabbi Levinski, die priester hê, die rabbi wat by jou kom eet,'" by die Kiwanis Klub, of wat ook al. "'Jy mag 'n goeie verhouding met hom hê, maar laat ek vir jou iets vertel, hierdie Man is 'n Profeet. En Hy. . . '

81 '"Wel, weet jy wat ons rabbi vir my vertel het? Dat ons sedert vierhonderd jaar gelede nie 'n profeet gehad het, sedert Maléagi ons laaste profeet was nie. En my vertel dat daardie Kêrel, wat daaronder langs die see gebore is, een van daardie klein hutjies, iewers daaronder, ooit 'n Profeet sou wees? Ag, Rebe-. . . '" [Leë kol op band—Red.]

82 "Ons weet as hy ooit eenmaal gaan sit en met Jesus gepraat het, sou hy oortuig wees." En dis dieselfde ding vandag. As julle net sal gaan sit, 'n paar oomblikke met Hom praat, sal julle weet. "So, onthou julle wat Rebbeka vir ons gesê het? Nou, ek gaan Rebekka se getuienis herhaal," het Matteüs gesê.

83 "Nou, julle weet, die heelnag lank was klei' ou Saggeüsie rusteloos gewees." Julle weet, wanneer jy begin bid vir 'n kêrel, raak hy soort van in 'n slegte toestand. As jy iemand gered wil hê, of iets gedoen wil hê, begin net vir hulle bid. Dis hoekom ons nie . . . Gebed is die grootste ding wat ooit in die hande van die mens gesit is; gebed verander selfs vir God. God het eenmaal die dood oor 'n man uitgespreek, hy het sy gesig na die muur gedraai en gebid, en God het hom nog vyftien jaar gespaar. Reg. Dis waar.

84 "So ons vind uit dat daardie ou Rebbekatjie die heeltyd gebid het. En daardie nag kon sy nie slaap nie. Sy het uit die hoek van haar oog gekyk, sy het gesê . . . Saggeüs was rusteloos. Sy het gesê: 'Here, ek weet U werk met hom, ek weet U werk met hom. Nou, Jesus, die Profeet, kom na die stad toe vir hierdie byeenkoms, hieronder, en ek wil so graag hê hy moet Hom sien. Here, skep U nou 'n geleentheid. Laat hom net sleg voel; maak hom net so dat hy nie kan slaap nie.'

"Daar was hy, hy kon nie slaap nie. So, goed, dis goed. So, die volgende oggend . . . Sy het ingesluimer, heelnag lê en bid."

85 En as jy nou jou man gered wil hê, doen jy dieselfde ding wat Rebekka gedoen het, begin net vir hom bid. En julle weet, daarbuite op daardie see wanneer hy daarbuite besig is om vis te vang, of daaronder in die besigheid, sal hy so aangekla voel, dat hy nie eers kan slaap nie. Ja, meneer. Dis reg. Hy kry net . . . En as jy jou vrou gered wil hê, doen dieselfde ding, en sy sal wegkom van elke kaartpartytjie en alles waaraan sy behoort. Sy kan dit net nie keer nie. Sy sal dit beslis doen. Ja, meneer. O, daar's net groot krag in gebed!

86 "En sy het gesê sy het gebid, en toe het sy omtrent teen die oggend aan die slaap geraak. Meteens het sy wakker geword, bietjie voor dagbreek, Saggeüs was al klaar op, homself aangetrek in sy heel beste klere, en sy het gesê: 'Dank U, Here. Ek weet, ek weet U is besig om met hom te werk.' En so het sy omgedraai, sy het gesê: 'O, skat, wat laat jou so vroeg opstaan?'

87 "'O,' het hy gesê: 'niks nie. Ek het net gedink ek sal uitstap en 'n bietjie vars lug skep.'" Julle weet hoe julle allerhande soort kry, verskonings, julle sien. "'Ek reken ek sal net uitstap en 'n bietjie vars lug skep. Jy weet, dis soort van bedompig in die kamer.'

88 '"Wel,' het sy gedink: 'ons is getroud vir vyf-en-twintig jaar, en hy het dit nog nooit vantevore gedoen nie, so daar moet nou iets verkeerd wees. So, ons weet dat . . . En Jesus is veronderstel om enige tyd nou hier te wees, so ek sal net maak of ek nie besorg is nie. Maar hy glo nie dat Jesus 'n Profeet is nie, so as hy ooit oortuig kon word dat Hy 'n Profeet is, dan sou Hy die Woord van die Here ken, want hy's 'n Jood, en hy weet die Woord kom na die profeet toe. So hy weet dat Hy die Woord van die Here sou hê.'

89 "So sy het hom dopgehou, en hy het homself aangetrek in sy beste, en sy baard uitgekam, en sy hare teruggekam, en sy beste tulband opgesit. En hy gaan loop langs die sypaadjie, terwyl hy omkyk of Rebekka kyk, en sy's oorkant by 'n ander venster, loer uit agter die traliewerk soos *hierdie*, om te sien wat hy doen. Sy het op haar knieë gegaan en gesê: 'Dank U, Here, dank U. Hy gaan net reguit af om dit te sien. Ek weet U gaan my gebed antwoord.'" Dis hoe jy moet glo, God gaan dit vir jou doen.

90 "So toe, begin hy uitstap, julle weet, en gaan in die straat af, en hy kyk rond. Nou, as hy dit gaan doen, sou hy opgaan na *hierdie* kant toe onder die bome deur, maar in plaas daarvan, het hy reguit afgegaan na die suidpoort waar Jesus ingekom het. Sien?

91 "En hy kom daaronder, hy het gedink: 'Ek sal vroeg daar kom,' het hy vir homself gesê, later getuig: 'Ek sal vroeg daar kom, en ek sal hierdie vals profeet hier sien, *sogenaamde* Profeet van Galiléa. Wanneer Hy verbykom, sal ek vir Hom vertel wat ek van Hom dink.'" Um-hum. Julle besef nie, sien, wanneer hulle baie geïrriteerd raak, onthou net God werk steeds, sien, Hy weet hoe om dit te doen.

92 "So weet julle wat? Toe hy daaronder aangekom het, was die straat alreeds vol mense, was heelnag daar om vir Hom te wag." Julle weet, Hy het ook vriende gehad. "En hy het daaronder gekom en hy was so klein, hy mag groot gewees het in sy eie gemeente, maar hy was net nog 'n man in daardie een."

93 Julle weet, ek hou van hierdie outydse godsdiens, dit sal 'n aandpak en 'n oorpak hulle arms om mekaar laat sit en sê: "Broer!" Dit sal 'n kaliko-rok en 'n—en 'n—'n sy-rok hulle arms om mekaar laat sit, sê: "Suster!" Dis geen aannemer van die persoon nie, jy's net nog 'n man. Maak nie saak wat jy besit, of wie jy is nie, jy's net nog 'n man. Daar's geen grootkoppe onder ons nie, ons is almal God se kinders. Dis reg. Uh-huh. O, goeiste!

94 "En hier kom hy toe daaronder aan, en hy dink: 'Wanneer hulle my, Saggeüs, die groot handelaar van hierdie stad sien afgestap kom, sal hulle almal opsy staan, en sê: "Edelagbare, meneer,"' maar hulle het uitgevind hy was net nog 'n man. En hy het daar gekom, hy was so klein onder hulle, hy . . . niemand . . . hy kon nie vir Jesus sien nie. Hy het gesê: 'Weet julle wat? Nou, hierdie . . . Hy kom in . . . Hierdie is Glorie Laan, nou, Hy sal Halleluja Kruising moet oorsteek daarbo, op in die straat wat Halleluja Laan genoem word."

95 Hy gaan altyd af in daardie strate, Glorie, en Halleluja, en Amen, en Prys God. Hy gaan altyd met daardie strate langs, staan maar net daar, julle sal dit naderhand kry.

96 "En hy hardloop baie vinnig in die straat op, so vinnig as wat hy kan, en kom toe by Halleluja Laan. En hy sê: 'Nou, ek sal net hier staan, reg buite op die hoek.' En hy het begin dink, jy weet:

'Daar's so 'n gedrang, en dit kry die heeltyd momentum, en tyd wat Hy hierbo kom, sal hulle net reg bo-oor my loop. So jy weet wat ek dink ek sal doen? Ek dink ek sal in hierdie wildevyeboom hier opklim, en dan sal ek Hom baie goed kan sien.'

97 "So hy het gespring, hy's te kort, kon nie die tak beetkry nie. So, daar oorkant gekyk, en die stad se vullisverwyderaar het nog nie die vullis kom haal nie. So hy steek sy hand uit, en kry die vullisdrom beet, en hier kom hy." O, julle weet, as jy vasbeslote is om Jesus te sien, sal Hy jou dinge laat doen wat jy nie gedink het jy sou doen nie. "O, goeiste! Hier is hy, die sakeman van die stad, wat die vullisblik . . . drom dra.

98 "En net omtrent die tyd wat hy daar uitgekom het, het sy mededinger hom gesien." Wonder of enigiemand wat vanaand hier sit, so blootgestel is, net, o, blootgestel. Wonder of dit kon wees, terwyl jy daar sit. "O, goeiste! Ek wou nie hê enigiemand moet my hierbinne sien nie." Maar jy weet, Hy weet presies waar jy is.

99 "En so het hy toe die drommetjie neergesit, en die mededinger sê: 'O, ek sien hy het sy posisie verander, vanaf 'n handelaar, nou, is hy 'n stadsvullisverwyderaar.'

100 "En so het hy nie enige aandag gegee nie, sy gesiggie rooi, maar hy was vasbeslote om Jesus te sien. Julle sien? Hy wou Hom sien, hy het nie geglo Hy was 'n profeet nie. En as Hy nie 'n profeet was nie, sou hy reguit soontoe gaan en Hom regtig daarvan vertel, dis al. Sou sê: 'Wel, jy is 'n indringer, jy behoort nie in hierdie stad te wees nie.'"

101 "So hy klim bo-op die vullisdrom en skarrel op in die bo- . . ." Uh-oh. Julle gebruik nie daardie woord *skarrel* hier nie, gebruik julle? Nee. Dis 'n suidelike . . . Dit beteken "in 'n boom klim," julle weet, dit met jou knieë vashou. Ons noem dit *skarrel* (daaronder) in die boom op. "In die boom opgegaan, en toe hy daarbo gekom het, en hy twee takke gekry het wat *so* kruis, en hy het reg op hulle albei gaan sit." Dit waar ons almal kom, waar twee paaie ontmoet: joune en God s'n; dis waar jy jou besluit maak.

102 "Hy het daarbo gesit, kyk hier, netjies aangetrek, die vullis van hom afgeskraap, die splinters uit sy hande getrek. Wat 'n gemors! Maar hy wou vir Jesus sien."

103 Dit sal jou in 'n gemors laat beland. Dis wat mense vandag makeer, hulle hou nie van die nuwe geboorte nie, hulle probeer dit iets anders maak. Hulle wil hand skud, sê: "Ek glo in God Almagtig, die Vader. Ek glo in die heilige Rooms Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges, en—en ek aanvaar Hom as my Verlosser. Ek's wedergebore." Uh-huh. Nee, nee. Nee. Luister, broer, die nuwe geboorte is meer as dit. Luister, ek wil, julle iets vertel, enige geboorte is 'n gemors, ek gee nie om of dit in 'n varkhok is, òf of dit in 'n hospitaalkamer is nie, enige geboorte

is 'n gemors. En laat ek vir julle vertel, die nuwe geboorte is niks minder nie, dis 'n gemors, jy skree, en huil, en was al die verf van jou gesig af met trane, maar jy—jy sal moet sterf, maar dit bring nuwe Lewe. Dis die hoofsaak, dit sal nuwe Lewe bring, en jy sal 'n ander skepsel wees. Dit sal 'n gemors van jou maak, maar jy—jy moet dit doen om wedergebore te word, jy moet morsig wees, sien, maar dit sal nuwe Lewe bring.

104 "En hier het hy daarbo gesit, die, van hom afgeskraap. En julle weet, hy het gesê: 'Nou, Rebekka het vir my gesê. . . ' En sy was by die huis, besig om op-en-af te spring, en te sê: "God, ek weet U antwoord gebed. Halleluja! Hy gaan dit vandag kry, dis al wat dit is, want hy het nie teruggekom nie. Hy sou uitgestap het op die sypaadjie en weer ingekom het as hy net 'n bietjie vars lug wou hê, maar hy het net so vinnig gegaan as wat hy kon, en ek het hom sien uitgaan in die rigting van Halleluja Laan so vinnig as wat hy kon gaan. Ek weet, Here. Dank U alreeds, antwoord gebed.'

105 "So, wat het toe gebeur? Toe sit klein Saggeüs nou daarbo, en hy het gesê: 'Jy weet, Rebekka het gesê Hy is 'n Profeet. Nou, iemand mag my hierbo raaksien, en my vir Hom uitwys, voor ek nog 'n goeie kans kry om Hom te vertel wat ek van Hom dink.' So hy het uitgestrek, en die takke gekry, en hulle oor hom afgetrek, en homself gekamoefleer, agter gesit in 'n. . . julle weet, soos 'n kraai wat agter in 'n—in 'n boom sit. Daar heel agter ingegaan, en homself gekamoefleer.

106 "Hy het een groot wildevyeblaar *hier* gehad, hy het dit 'n venster gemaak, hy kon dit oplig en kyk, dan kan dit weer afsak. Sien? En dadelik het hy 'n geraas gehoor." Julle weet, daar's iets vreemds, omtrent waar ook al Jesus gaan, is daar 'n klomp geraas. "Hy het gehoor. . . Hy het gesê: 'Wel, Hy moet oppad wees, baie geraas.'

107 "En naderhand, hier kom Hy om die hoek, en toe Hy om die hoek kom, kyk, skare oral rondom Hom, vier of vyf mans wat die mense van Hom af weghou, en Hy loop om die hoek. Hy het gesê: 'Daardie klein kêreltjie?'"

108 Julle weet, die Bybel het gesê: "Daar is geen skoonheid, ons Hom sou begeer nie." Hy het nie gelyk na een of ander groot koning, of priester, of iets nie, Hy was nederig, klein Kêreltjie, wat daar geloop het met Sy geboë hoof, geboë hoof, het Hy reguit afgeloop tot Hy reg onder die boom gekom het, en hier's ou Saggeüs wat daarbo gesit het, julle weet, wat hierdie blaar opgehou het, julle weet, *so* gekyk het. En net toe Hy omtrent onder die boom kom met Sy geboë hoof, het Hy daar opgekyk, Hy het gesê: 'Saggeüs, kom af; Ek gaan saam met jou huis toe vir middagete.'" Glorie!

109 Was Hy 'n Profeet? Amen! Hy was beslis. Nie net het Hy geweet hy was in die boom nie, maar Hy het geweet sy naam was Saggeüs. Amen. Glorie!

110 Moes Natánael gewees het wat gesê het: "Net 'n oomblik. Onthou julle die keer toe daardie ou Fariseër Hom gaan vra het om middagete by hom te gaan eet?"

"Ja."

111 "Hulle het ons nie genooi nie, en ons kon nie kom sonder 'n uitnodiging nie, maar Hy het gegaan, en hulle het Hom daarbinne laat sit met ongewasde voete. Onthou daardie ou klein vroutjie wat haar Romeinse denarii geneem het en daar afgegaan het, en daardie albastefles gekoop het, en daar ingeglip het, en sy het daar by Sy voete gestaan, en—en daar het Jesus met vuil voete gesit." O, dit klink ontheiligend om dit te sê, maar hulle het.

112 Julle weet, wanneer jy daar in hulle huise ingaan, die eerste ding wat hulle doen, hulle—hulle vat 'n voetewas-kneg, nou, dis die laagste besoldigde man van die klomp, is 'n voetewas-kneg, hy gaan daar uit, en wanneer daar 'n gas inkom, sit hy sy voete op. En hy trek sy sandale uit en was sy voete, want hulle het . . . hulle het op 'n pad geloop, en die diere het op hierdie pad geloop, julle verstaan, waar die diere was, en—en het in die stof gekom. En—en wanneer hulle geloop het, het hulle 'n kleed aangehad, en dit het daardie stof opgetel, en dit het op hulle bene en dinge gaan lê. En, o, die stank van die diere! En so dit—dit was nie—dit was nie lekker om in 'n huis in te gaan nie.

113 So hulle het 'n voetewas-kneg gehad, hy was die laagste besoldigde man van die klomp, en hy sou daar uitgaan, en hulle voete was, en dan—en dan vir hulle welkom heet, julle sien, vir hulle 'n skoon paar sandale aantrek. En Jesus het 'n Voetewas-kneg geword, die laagste werk op die aarde, en iemand het nagelaat om Sy voete te was.

114 En toe, die volgende ding wat hulle gedoen het, die Palestynese son, daardie direkte strale was baie warm, so dit sou hulle nek en gesig skroei, en hulle sou vir hulle 'n bietjie salf gee, en hulle sou dit daar aansit, en hulle gesig was daarmee soos *daardie*, en dit het afgekoel, het dit koud gemaak, soos menthol. En dit koud, dit het uit 'n roosknop gekom wat hulle ver bo in die berge gevind het. Die koningin van Skeba het 'n klomp daarvan na Israel toe gebring toe sy opgekom het in Salomo se dag. En dan sou hulle dit afvee.

115 En dan het hulle . . . Dan die volgende ding, sou hulle hulle—hulle gas welkom soen. (Kom hier, broer.) Hier is hoe hulle dit gedoen het, hulle sou hulle hande *so* neem, en wanneer hulle ingekom het, was hulle welkom. Hulle sou mekaar *so* vat, en dan sou hulle hande omruil soos *hierdie*, net hier, en aan *hierdie* kant, en hulle doen dit steeds, soen hulle op die nek, maak hulle welkom. Sien? Soen welkom.

116 "Wel, hier het Jesus gesit. Hier's hierdie ou, groot ou rabbi, wat daar staan, julle weet, met al sy wyn, en—en al sy goeie kos daarbuite. En die arm mense, hulle kon nie kom nie, en, ruik, hulle sou daardie aroma ruik, gebakte lam, julle weet, en o, goeiste, hoe hulle wou kom, maar hulle kon nie kom nie. Die mond laat water!" O, daardie rabbi's, hulle het geld gemaak, en hulle kon 'n groot fees aanbied. "So, en Jesus het ingekom, en al die res van hulle was welkom, en Hy het Sy besige skedule gelos om te kom, en hulle het Hom nie eers welkom laat voel nie, Hom vuil daar laat sit.

117 "En weet julle wat het ou Rabbi Levinski daar oorkant gesê? Hy het gesê . . . En hierdie vrou, sy het daar oorkant gekyk, en sy het gekom en sy het Hom daar oorkant sien sit, sy het gesê: 'O, Wie is Dit? Weet julle Wie Dit is?'

118 "En iemand het gesê: 'Dit is veronderstel om daardie profeet te wees. Hy is nie 'n profeet nie, daardie Rabbi gaan vandag bewys dat hy nie 'n profeet is nie. Dis waarvoor hy hom hiernatoe gekry het.'"

119 Julle kan onthou, wanneer een van daardie soort manne vir Jesus uitnooi, het hy 'n troefkaart in sy mou iewers, het 'n kaart daar iewers. Hy het geen besigheid gehad nie, hy het niks met Jesus te doen gehad nie, dit was vir gewildheid of iets. So hy het al die res gehad, die priesters laat inkom, hy sou wys dat Hy nie 'n Profeet was nie. En so, Jesus het in elk geval gekom. Maak nie saak hoeveel Hy . . . dat jy iets daaraan probeer doen, of Hom probeer ontbloot nie, as jy Hom uitnooi, sal Hy kom, Hy kom altyd Sy afsprake na; Hy laat nooit na nie.

120 "So daar was Hy, daar het Hy daarbinne gesit die aand . . . die dag. En—en hierdie vroutjie het gesê: 'As Dit is Wie Dit is, Dit daardie Man is, glo ek Hy is 'n Profeet, en Hy was die Een wat Maria Magdalena vergewe het, daardie vrou wat net so sleg was soos ek, haar sondes vergewe.'

121 "Daar het sy afgegaan in die stad in, op in 'n ou klein stegie, en op teen 'n krakerige trappie in 'n ou hutjie, haar hand daar uitgesteek en sy het die bietjie geld uitgehaal was sy versamel het met haar onsedelike lewe. Sy het dit uitgehaal, hierdie geldsakkie, en sy het gesê: 'Ek kan dit nie doen nie. Hy, Hy is 'n Profeet, en Hy gaan weet hoe ek hierdie geld gekry het. Hy sou . . . Maar dis al wat ek kan doen, dis al wat ek het, en ek moet Hom sien, ek's 'n sondaar, ek moet Hom vra om my te vergewe.'

122 "En op in die straat het sy gegaan en 'n albastefles met salf gekoop. Sy het in die byeenkoms ingeglip; ek weet nie hoe sy ooit daar gekom het nie, en sy het gekyk, en daar het Jesus gesit. En toe sy by Hom gekom het, het haar hart begin klop toe sy na Hom gekyk het. En sy het aan Sy voete neergeval en sy het opgekyk, en sy was so sondig dat die trane teen haar gesig begin afloop het,

Sy voete natgemaak het, julle weet. En—en sy sou . . . sy het hulle probeer afvee, sy was so bang sy het iets verkeerd gedoen. Sy sou hulle probeer afvee, en dan gaan sy *soen*, *soen*, en soen Sy voete, en opgekyk, en die trane wat afloop. Sy het haar hare beetgekry, en het hulle so afgedroog. En sy het die albastefles gebreek, en dit op hulle gesit, aan die huil, want sy het geweet sy was 'n sondaar. En julle weet, sy het gedink . . . "

123 As Jesus 'n voet sou roer, sou sy daar uitgehardloop het. Maar julle sien, maak nie saak wat dit is nie, jy Hom 'n diens wil bewys, sal Hy jou dit laat doen, Hy hou daarvan, dat jy Hom 'n diens bewys.

124 "En ek kan Hom net daar sien staan en na haar kyk. En sy, wat Sy voete was, en sy wat huil: 'Ek weet ek's 'n sondaar. Ek is nie waardig om hierdie te doen nie, maar, Here, ek kan nie verduur om U daar te sien sit, en U voete so vuil en wat ruik soos hierdie nie, dis nie reg nie,' Sy voete gewas soos daardie, histeries.

125 "En ou Fariseër, die ou *self-voldane*, het omgedraai, en opgeblaas, gesê: 'Huh-huh-huh! Hmm. O, as hy 'n profeet was, sou hy geweet het watter soort vrou sy voete was, as hy 'n profeet was. Dit bewys hy is nie 'n profeet nie.' Jesus het net stilgesit tot sy uiteindelik klaar was met haar diens." Dis hoe Hy maak met my en jou, gaan voort en doen jou diens. "Toe, toe hy klaar was, het Hy net gestaan en kyk na haar, en sy het weer opgestaan. Wat gaan Hy sê? Hy het nooit vir haar gesê nie, Hy het omgedraai, en oorkant na die Fariseër toe gekyk, Hy het gesê: 'Simon, Ek het iets om vir jou te sê: Jy het My hiernatoe uitgenooi, en Ek het gekom, maar toe Ek gekom het, het jy My nooit enige water vir My voete gegee nie; jy het nooit My verskroeide hoof hier met salf gesalf nie; jy het My nooit 'n soen gegee nie.'" Wanneer jy gee 'n . . . die Palestynse soen op die nek, is jy welkom. "Kom maar binne." Jy's 'n broer. Jy kan na die yskas toe gaan, en iets kry om te eet, en jou skoene uittrek, en op die rusbank lê, en doen wat jy wil, jy's tuis, wanneer hulle jou welkom soen. Maar gesê: "'Jy het My nooit welkom gesoen nie.'

126 "'Maar hierdie vrou,' Hy het na haar toe gedraai, gesê: 'hierdie vrou, vandat Ek hier ingekom het, vandat sy gekom het, het sy die heeltyd My voete gesoen, en hulle gewas met die trane van haar oë.'" Watter pragtige water, trane van belydenis, wat Hom 'n diens bewys het. O! "'Hy het die heeltyd My voete met haar trane gewas, sy het My voete gesoen, nie My nek nie, My voete, vandat Ek hier was.'

127 "En sy wonder wat Hy gaan sê, haar mond vetterig van die salf, haar groot bruin oë staan oop, haar hare hang af, die . . . haar gesig is nou betraan, en sy wonder. Dan draai Hy om en kyk na haar." Nou, kyk of Hy 'n Profeet is of nie. "'En Ek sê vir haar, dat haar sondes, wat baie is, haar alles vergewe is.'" Dis

wat Ek Hom wil hoor sê. "Haar sondes, wat baie was, is alles vir haar vergewe." Amen! Was Hy 'n Profeet?

128 Een het gesê: "Onthou julle," nog een het opgestaan, daarbo, gesê: "Onthou julle ook, dat toe Hy deur die poort gegaan het daardie dag, op pad uit Jerigo uit? Daar het 'n blinde man daar gesit, en hy was, gesê hy het gepraat, sy naam was Bartimeüs. Onthou julle sy getuienis?"

"Ja."

129 "Hy het gesê dat daar 'n skare 'n baie groot geraas begin maak het, en hy het gesê: 'Waaroor is al die geraas?' en mense wat bo-oor hom gehardloop het." Julle weet, steeds wanneer Jesus kom, 'n klomp geraas. "En daar was . . . Ek kan . . . Hy—hy het gesê hy het die hoof gehoor, die algemene raadslid, die hoof van die predikersvereniging wat daarnatoe kom om daardie herlewing te stop: 'Hulle kan nie so 'n herlewing soos daardie hieronder hê nie.' En so het hulle Hom die stad laat verlaat.

130 "En uitgehardloop en gesê: 'Haai, ons verstaan dat jy 'n man met die naam van Lasarus opgewek het uit die dood. Ons het 'n hele begraafplaas van hulle hierbo, kom op en wek hulle op, en ons sal jou glo.'" Sien, maar God doen nie toertjies vir enigniemand nie.

131 Daar was eenkeer nog 'n groep wat nie geglo het Hy was 'n Profeet nie. Hulle het 'n doek oor Sy gesig gesit in die Romeinse werwe, en 'n stok gevat, met 'n doek oor Sy gesig, en Hom op die kop geslaan, en gesê: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie het jou geslaan. Ons sal jou glo, sê vir ons wie het jou geslaan." Maar Hy het nooit Sy mond oopgemaak en 'n Woord gesê nie. Natuurlik het Hy geweet wie het dit gedoen, maar Hy doen nie toertjies vir die duiwel nie, Hy doen net dinge om die Vader te verheerlik. Dis dieselfde ding . . . Ja. "As jy 'n profeet is . . . " Hulle het dit almal betwyfel. Dis reg. Hulle het dit almal betwyfel.

132 Saggeüs het gesê hy twyfel, maar toe was hy 'n gelowige. Hy het 'n lid van die Volle Evangelie Kerk geword, Broer, en was baie getrou daaraan daaronder, want hy het geglo Hy was 'n Profeet.

133 "Dan vind ons uit dat ou blinde Bartimeüs wat daarbuite gestaan het, en hy . . . 'n sekere jong dame daar verbygekom het. En hy was heeltemal . . . hy is eenkant toe gegooi, en sy het hom opgetel, sy het gesê: 'Meneer, wat makeer?'

"Hy het gesê: 'Jong dame, sê asseblief vir my, Wie gaan hier verby?'

"'O, weet jy nie? Jy is 'n Jood, en ken nie die dag en uur waarin ons lewe nie?'

"'Nee, my skone dame. Ek weet nie Wie dit sal wees nie.'

"'Ek's Sy dissipel.'

"'Wie is Hy?'

"'Hy is Jesus van Nasaret.'

"'Ek het nog nooit van Hom gehoor nie.'

"'Wel, Hy is die Profeet van Galiléa waarvan die Skrifte gepraat het.'

"'O, die Messias, die Seun van Dawid?'

"'Ja.'

"'Waar is Hy?'

134 Nou, as julle ooit in Jerigo is, merk waar—waar blinde Bartimeüs gesit het, en merk waar Jesus was waar Hy hom gehoor het. Dit was onmoontlik vir Hom om hom te hoor teen een wat sê: "Heil die Profeet! Glorie aan God in die hoogste!" Party vir, 'n ander een wat gesê het: "Kry hom uit die stad uit, hy is 'n valse profeet! Wek die dooies op, wys ons iets hier!" 'n Gemengde menigte. Jy kon nie . . . Hy kon nie hoor, sy natuurlike stem, kon dit nie gehoor het nie.

Maar ou blinde Bartimeüs het op sy knieë gegaan en gesê: "O, Jehova God . . . "

135 En toe hy het, het Jesus gaan stilstaan. Ek wens ek kon daaroor preek: *Toe Het Jesus Gaan Stilstaan*. Hy het stilgestaan en gesê: "Bring hom hiernatoe." Sy geloof, die geloof van daardie bedelaar het die Seun van God gestop op pad na Jerusalem met die sonde van die hele wêreld wat op Hom lê, op pad na Golgota om gekruisig te word. En die geloof van een bedelaar, op sy knieë, wat uitroep, sy geloof, Hy het sy geloof gevoel. Hy was beslis God se Profeet.

136 O, wat 'n getuienisdiens! Wens ons het tyd gehad om aan te gaan, maar ons het nie, ons moet die getuienisdiens stop en afsluit. O, dit raak omtrent miskien 'n bietjie later, en dit het reeds donker geword. O, die ou bootjie het net geskud, van een kant na die ander, geskree: "Glorie! Halleluja!" O, hulle was tevrede! Hulle het geweet dat Hy Messias was.

137 Omtrent daardie tyd, daar oorkant agter die heuwels in Galilea, het die duiwel opgestaan. Hy het gesê: "Uh-huh. Ek het hulle net presies waar ek hulle wil hê, hulle het sonder Hom vertrek. Nou, sal ek hulle kry."

138 En ek wonder, broers, of ons kerke nie dieselfde ding gedoen het nie. In die opwinding van die herlewing, probeer ons uitvind wie die grootste kerk kan hê, en die bes-geklede organisasie, die bes-geklede gemeente, liewer, en die grootste organisasie, meer lidmate. Ek wonder of ons nie soort van weggelip het in dit alles sonder Hom nie. Sien? Hom agtergelaat het, laat lê het, net omdat hulle 'n—'n beter groep het, en 'n groter kerk. En dis—dis waar my vrees kom vir my Pinksterkerk waarvoor ek ywerig is, dat dit daardie regte Kern sal mis, daardie regte Koninkryk van God. Onthou, broer, suster, Pinkster is nie 'n organisasie nie. Pinkster

is 'n ondervinding, Metodis, Baptis, Anglikaan, wie ook al wil. Pinkster, jy kan nie Pinkster organiseer nie, want dis die Heilige Gees. Sien? En jy kan nie . . . Dis 'n ondervindig wat na alle mense toe kom.

139 En toe het hulle Hom gesien. Hulle het sonder Hom vertrek, so hy het gesê: "Hier's my kans om hulle te sink." So hy het sy giftige asem begin blaas. Whew. Die groot see begin . . . Gesê: "Ek sal hulle nou sink daarbuite in die middel van die see. Ek het hulle nou daarbuite waar hulle nie hulleself kan help nie." Whew. Golf op golf!

140 Wat sê hy vandag met sy golf op golf? "Dae van wonderwerke is verby." Whew. "Glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. Julle Pinkstermense moes nie daarmee begin het nie. Julle behoort by die groot ekumeniese kerke aan te sluit. Julle behoort—julle behoort in die Wêreld Raad van Kerke in te gaan." Whew. Golwe van twyfel wat deur die kerk dryf.

141 En meteens het hulle klein—hulle klein bootjie vol water geraak. Die seilpaal het gebreek, die roeispane het gebreek, die klein . . . Julle weet wat dit beteken om 'n boot vol water te laat word, sy's omtrent gereed om bodem toe te gaan. En daar was dit, daar was geen hoop meer nie. Die klein . . . Moes dit net laat dryf.

142 Die golf, en die duiwel wat op elke golf gesit, en sê het: "Ha! Ons sal hulle met die volgende een kry. Ons sal hulle met die volgende een sink. Hulle is dissipels van Christus. Ons sal hulle sink, want hulle het vertrek, hulle het bang geraak vir Hom, hulle het weggegaan. So nou, sal ons—sal ons—sal ons—sal ons hom kry, sal ons hulle kry." En daar was hulle, wat heen-en-weer gaan, en die duiwel wat sê: "Ek sal hulle volgende sink."

143 Maar weet julle wat? Toe hulle vertrek het, het Hy hulle nie verlaat nie; Hy het op die hoogste heuwel geklim wat daar in die land was sodat Hy hulle kon dophou, hulle kon dophou waar hulle gaan. En julle weet, toe Hy destyds daar op Golgota gesterf het, het Hy ons nooit verlaat nie, Hy het weer opgestaan, en Hy het opgevaar, bo, tussen Mars, Jupiter, Venus, bokant die maan, sterre, die Melk Wit Weg, in die Hemel ingegaan, en ver bo die Hemel gegaan. Die Bybel het gesê Hy het opgevaar. Selfs die Hemel is Sy voetbank. Hoekom? Hoe verder jy opgaan, hoe verder kan jy sien. En Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou nou wag. Wanneer daar probleme kom, Hy het gesien hulle is in die moeilikheid, en voor jy jou kom kry, hier het Hy aangestap gekom na hulle toe op die see, aangestap. En die hartseer deel van hierdie verhaal, is dit, net hier is die hartseerste deel. Hulle was gereed om te sink.

144 En as ons kerke nie weer terugkeer na 'n herlewing, terugkeer na die Heilige Gees, terugkeer nie, en nie bly beweeg in daardie lyn waarin die denominasionele kerke gaan nie, gaan ons sink. Dis reg. Ons gaan reguit terug, want elke kerk wat ooit

georganiseer het, God het hulle op die rak gesit. En ek wil hê enige historikus moet my vertel waar dit ooit weer opgestaan het, nooit in die geskiedenis het dit dit ooit gedoen nie, en ek het die Niceense Raad, Pre-Niceense Raad, *Niceense Vaders*, Hislop se *Twee Babilons*, Pember se *Vroeë Eeue* bestudeer. O, daar's nooit 'n plek waar die kerk ooit georganiseer het, wat God dit nie op die rak gesit het, en dit nooit weer gebruik het, en iets anders geneem het, en daarmee voortgegaan het nie. Dis reg. Dis reg. "God is in staat om uit hierdie klippe . . . " Dis waar ons probleem net vanaand lê. Dit lê vanaand daar.

145 En hier kom Jesus aangestap op die see, en hulle het gedink Hy was 'n spook, hulle was bang vir Hom. Hulle het gesê: "O!" Hulle het uitgeroep: "O, dit lyk spookagtig! Ek's bang dis 'n gees!" Die enigste Ding wat hulle kon red, hulle was bang Daarvoor.

146 Nou, bly baie stil. Dieselfde ding gebeur. Waar julle ook al gaan, en die Heilige Gees sien onderskei, presies wat Hy gesê het, wat bewys dat Hy die Messias is wat in Sy mense werk, die mense sê: "Dis telepatie. Wel, daardie kêrel is 'n fortuinverteller." Sien? Dieselfde ding wat hulle daardie genoem het. Sien? Die enigste Ding wat hulle kan red, hulle is bang Daarvoor. Dis reg.

147 Maar wat het Jesus gesê? Hy het gesê: "Wees nie bevrees nie; hou goeie moed; dit is Ek." Amen. "Moenie bang wees nie; dit is Ek; moenie bang wees nie." Mag Hy dit vir ons harte sê vanaand, vriende.

148 En wanneer ons afkom deur hierdie gebedsry, laat ons onthou: "Moenie bevrees wees nie." Nou, as julle 'n bietjie bygelowig geraak het, 'n bietjie agterdog in julle harte . . . Verskoon my dat ek my woorde so meng. Hierdie is elf agtereenvolgende dienste vir my en omtrent vyftienhonderd onderskeidings in die laaste twee maande. Ek's omtremt gedaan. Ek het nog drie aande, en ek moet 'n bietjie rus, of ek kan net nie hier bly nie. Alles . . . Ek sit en praat met mense, lyk asof dit steeds, dit 'n visioen is. Sien? Ek's . . . Dis waarom ek—ek moeg is. Julle besef nie waardeur ek gaan nie. Maar ek moet werk, die son sal binnekort ondergaan, en daar sal nie meer Lig wees nie, dan sal dit donker wees.

149 Hulle sê kommunisme sal die wêreld gaan oorneem. Julle moet dit nie glo nie. Kommunisme gaan niks doen nie. Wys my een plek in die Bybel waar kommunisme ooit sal oorneem. Die Bybel sê Roomsheid sal oorneem, nie kommunisme nie, kyk na Daniël se visioen. Sien? Nie—nie kommunisme nie, dis 'n pop in God se hand om Roomsheid te vernietig. Maar Roomsheid, dit moet julle vrees, nie kommunisme nie, dis niks, beteken niks nie. Net, julle hoor van Rusland, heel kommunisties, ek was daar, van die beste mense gesien wat ek ooit in my lewe gesien het. Daar's net een persent van die hele Rusland wat kommunisties is. Wat

Rusland nodig het . . . Hulle het die swakheid van die Katolieke kerk gesien, en wat hulle gedoen het, en niks gedoen nie, en al die geld uit die land uit geneem het, en hulle het kommunisties geword. Dis presies. Moes daardie standaard gehandhaaf het.

150 Rusland het 'n herlewing nodig. Toe daardie seuntjie opgewek is uit die dood, daarbo in Finland, het ek daar gestaan saam met honderde van daardie kommunsitiese soldate, met daardie kommunsitiese saluut, en trane wat teen hulle wange afloop. Toe dit regoor die land gegaan het, het hulle gesê: "Ons sal 'n God ontvang wat die dooies kan oprig." Ja, meneer. Sekerlik. Hulle wil hê 'n . . . Hulle het 'n herlewing nodig.

151 Wat ons nodig het is een . . . God het net een man nodig wat Hy onder Sy volle beheer kan kry, dis al wat Hy nodig het. Broer, Christus is hier vanaand, moenie bang wees daarvoor nie, dis Christus. Wanneer jy deur hierdie ry kom, onthou net dit dat dit Christus is. Ek gaan die gehoor laat opstaan en vir hulle bid; gaan my predikersbroers hier, wat in Goddelike genesing glo, laat afkom.

152 Baiekeer sal mense . . . 'n Prediker sal in die stad inkom, en miskien baie slim geloof hê, en sal—sal al die praatwerk doen, en al die gebed vir die siekes, en selfs die mense doop. Wat gebeur dan? Dan, wanneer die evangelis weg is, lyk die arme pastoor asof hy in die agterste ry gesit is en niks was nie, eintlik, is dit julle herder, dis die man wat julle sover gebring het, vertrou op hom. En ek wil hê julle moet almal weet, julle hoef nie te wag tot een of ander spesiale gawes deurkom nie. As julle enige behoefte aan geestelike dinge het, raadpleeg julle pastoor, hy is die een wat julle tot dusver veilig gelei het, hy sal julle verder neem, dis reg, God se dienskneg.

153 En ek wil hê julle moet weet, nou die aand, het ek in 'n ry gestaan waar daar omtrent dertig of veertig pastore was, en ek het opgespring na die ander punt van die ry en die mense daar gekry, en 'n groot, grootste persentasie van hulle was genees voor hulle ooit gekom het tot waar ek gestaan het. Daardie Heilige Gees-vervulde pastore, wat hulle hande opgelê het, dit was Metodiste, Baptiste, en Pinksters, en almal saam, hulle het geglo. Hulle het die Heilige Gees gehad, en hulle het dit geglo, dis reg, en het die werk gedoen gekry. Dis waar.

154 En moenie bang wees vir hierdie onderskeiding nie, God het dit belowe. En hierdie paar aandjies, glo julle dit? Hê geloof in God. Kom ons bid nou, terwyl ons ons hoofde buig. Nou, ons maak gereed om af te sluit. Binne die volgende twintig tot dertig minute sal ons totsiens sê vir mekaar.

155 En as ek volgende jaar terugkom, sal daar sommige van ons wees wat nie hier is nie, julle weet dit. As . . . Ek mag dalk self nie hier wees nie; jy mag dalk nie hier wees nie. Hierdie sal ons laaste ontmoeting hier op aarde wees, dan moet ons mekaar weer

ontmoet, dit sal by die Oordeel wees, of die Oordeelstroon van Christus. Jy sal òf geregverdig òf ongeregverdig daar staan. Sal dan te laat wees, jy kan niks daaraan doen nie. En julle weet en glo, dat God deur Sy Bybel, hier, oor-en-oor bewys het dat Sy Teenwoordigheid hier is.

156 Is jy nie 'n Christen nie? Ek gaan jou nie vra om op te kom na enige altaar toe nie, ek gaan net vir jou 'n vraag vra, ek wil hê jy moet my antwoord uit jou hart uit. As jy nie 'n Christen is nie, en jy wil hê ek moet vir jou bid om 'n Christen te wees, sal jy net jou hand opsteek terwyl almal hulle hoofde gebuig hou? Sê: "Bid vir my, Broer Branham, ek is nie." God seën jou, dame. Sommige . . . God seën jou. Nog een? Sê . . . God seën jou, dame. En God seën jou, broer. God seën jou, hier oorkant. God seën jou, meneer. God seën jou, jong man. God seën jou.

157 "Ek's nie 'n Christen nie, ek wil 'n Christen wees, ek steek my hand op." God seën jou, daaragter, meneer. Nou, onthou, ek sou nie hierdie vraag gevra het as die Heilige Gees my nie alreeds getref het nie. Dis waarom ek met die boodskap begin het. Het julle die ander toon opgelet toe ek gekom het by daardie vrou se voete gewas het, of, Jesus se voete gewas het, die vrou? Daardie Lig het reguit afgevlieg oor my, wat net hier, voor my staan nou. Sien? Dis hoekom, ek net doen soos Hy vir my sê: "Sê vir hulle om hulle hande op te steek."

158 God seën jou. God seën jou, broer. God seën jou, ja. Ek sien jou hand. Iemand anders? God seën jou. "Wees my genadig, God, ek—ek wil gered word." God seën jou, dame. "Ek wil . . . Ek wil gered word en Jesus 'n diens bewys. Die—die wêreld maak Hom weer sleg, die beledigings van die wêreld. Hulle noem Hom 'holy-roller.' Hulle noem hulle 'n klomp mal mense. Ek wil my standpunt inneem, en met my lewe, dat ek heilig sal lewe in die teenwoordigheid van hierdie wêreld, ek wil die stof van Sy voete afwas. Die kritiek wat hulle Sy heilige Kerk gee, ek wil die stof van Sy voete afwas met my trane van belydenis." God seën jou, seun. God seën jou. God seën jou, dame. Dis goed.

159 O, ek sien baie van die witmense met hulle hande op. God seën julle. God seën jou. Seën jou. Dis wonderlik. Glo net. Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo. Hê net geloof. Goed.

160 Hemelse Vader, U het daardie hande gesien. Ek's . . . As U dienskneg, eis ek hulle. Ek eis hierdie kosbare mense, party van hulle sal ek nooit weer sien nie. Maar, God, hulle het alle wetenskaplike reëls net daar gebreek, hulle het hulle hand opgesteek. Nou, volgens die wetenskap, moet ons hande afhang; swaartekrag hou hulle onder op die aarde. Maar dit wys dat hulle 'n gees in hulle het wat besluite kan neem, en hulle steek hulle hande op na hulle Skepper, wat wys dat 'n gees binne-in hulle, en daar's Een aan die buitekant wat met hulle praat, en hulle antwoord terug aan daardie Gees, wat die Heilige Gees is.

161 En, Jesus, ek wil U Woorde aanhaal. Hemel en aarde sal verbygaan, maar Hulle sal nie. U het gesê in die Geskrifte van die kosbare Bybel in Johannes 5:24: "Hy was My Woorde hoor," en ek het net U Bybel aangehaal vanaand, "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." U het dit belowe, Here. Hulle het hulle hande opgesteek, hulle glo U, hulle glo in Hom wat U gestuur het, hulle aanvaar die Woord, en ek eis hulle. En Satan kan nie meer by hulle wees nie. Ek—ek eis hulle vir die Evangelie.

162 En Jesus gee hulle vir Sy Vader as liefdesgawes: "En niemand kan hulle uit My Vader se hand ruk nie." Hulle is Uwe, Here. Ek—ek glo hulle, dat hulle hulle pad sal vind na 'n Christenkerk toe iewers, 'n goeie volle Evangelie kerk, en gedoop word in Christendoop, en die Heilige Gees ontvang. En wanneer die newels van die dood in hulle gesig begin indryf, een van hierdie môres, wanneer hulle hart stop, sal die ou skip van Sion sy passasier kom oplaai en hulle veilig daar Oorkant aflaai. Skenk dit, Here. Ek glo dit, in vertroue in Jesus' Naam. Amen.

163 Ek glo Hom. Glo julle Hom? Nou, elkeen wat julle hande opgesteek het. . . Nou, ek glo in altaar-oproepe maak, ek glo beslis. Maar die regte. . . Dis nie apostolies nie. Die Bybel het gesê: "Dié wat geglo het, is gedoop." Sien? Bidure was. . . Sekerlik, ons het begin alaar-oproepe maak, opgekom en gebid in die dae van die Metodiste, vroeë kerk van Engeland, toe hulle Sondagskool georganiseer het, ensovoorts, maar dis—dis in die haak. Ek glo in Christene wat rondom die altaar kom bid, julle sondaars, en wat nog. Maar nou. . . Sien? Daar's nie enige plek nie, instrumente en alles hier. Maar ek glo dat julle dit bedoel het, en as julle dit nie bedoel het nie, sal dit julle in elk geval nie help nie. Sien? Maar as julle dit wel bedoel het, het julle oorgegaan uit die dood in die Lewe. Presies wat Hy gesê het. Dis reg, julle het dit bedoel. Daar's dertig of veertig hande.

164 Nou, sien julle hierdie pastore hier? Hulle is julle broers, gaan na hulle kerke toe en word gedoop. En laat. . . Vra hulle oor hoe, die Heilige Gees te ontvang, hulle sal julle leer, hoe om dit te doen. Nou, wanneer ons vir julle bid, wil ek seker wees dat die Gees van God op ons is. Goed.

165 Ek wil vir julle vra: Glo julle? Sien daardie foto daar oorkant, daardie Vuurkolom wat op die foto is? Julle het dit al gesien. Nou, ek het Dit gesien vandat ek 'n klein seuntjie was, dis oral deur die rekords. Die eerste keer wat dit ooit geneem is, die Kanadese koerant het dit een-en-dertig jaar gelede berig, oor die hele provinsie van Kanada, al die provinsies, die gebied van Kanada, gesê: "'n Geheimsinnige Lig verskyn bo 'n prediker terwyl hy in die rivier doop." Dit was in 1930, aan die voet van Springstraat in

Jeffersonville, Indiana, toe daar omtrent tienduisend mense daar gestaan het, ek het my sewentiende persoon gedoop.

166 Ek het gesê: "Hemelse Vader," en ek was 'n jong Baptiste prediker, en ek het gesê: "Hemelse Vader, ek kan hom net met water doop in die gemeenskap van hierdie kerk, maar ek bid dat U hom sal doop met die Heilige Gees."

Ek dit gesê het, het Iets gesê: "Kyk op!" En ek het Dit 'n tw-. . . derde keer hoor sê: "Kyk op!"

167 En ek het omgedraai en gekyk, en 'n groot gedreun het oraloor die skare geskud, en hier het daardie Lig gekom wat Ditself so afwentel, en het reg bokant my kom staan waar ek gestaan het. En 'n Stem het Daaruit gekom, gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur was om die Eerste Koms van Christus vooraf te gaan, sal jou Boodskap die Tweede Koms voorafgaan." Kyk daarna vandag, 'n herlewing het daarna uitgebreek, en dit het om die wêreld gegaan, 'n Pinkster, Heilige Gees herlewing. Nou, ontvang Lutherane, Baptiste, Presbiteriane, Katolieke en almal die Heilige Gees, oral, en die Kerk wat gereedmaak om in te gaan. Die Boodskap kom tot 'n einde. Sien? Daar het julle dit.

168 Nou, ons weet nou almal dat die Engel van die Verbond, daardie Vuurkolom die Engel van die Verbond was, wat Christus was. Glo julle dit? Julle broers sal dit glo, die predikers, sekerlik. Sien? Hy was. . . Moses het Egipte verlaat, die smaad van Christus groter rykdom geag as dié van Egipte. Sien? Dit was. . . Nou, dit was Christus in daardie Vuurkolom toe Hy op die berg neergedaal het.

169 Nou, toe Hy hier op aarde gekom het, het Hy gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe." Is dit reg? En na Sy dood, begrafnis, en opstanding, na Sy hemelvaart, was Saul, wat later Paulus genoem is, op sy pad af na Damaskus om die mense te gaan arresteer wat hierdie weg gevolg het. En reg in die middel van die dag, het daardie groot Vuurkolom voor hom verskyn, en hom neergevel, en sy oë verblind. En 'n Stem het gesê. . . Nou, niemand het die—die Vuurkolom gesien behalwe hy nie.

170 Glo julle die Wysemanne het 'n Ster gevolg? Geen sterrewag het Dit gesien of enigiets, wat na die hemele gekyk het, hoegenaamd nie. Hulle het Dit nooit gesien nie, want hulle het nie Daarna gesoek nie. Sien? Hy verskyn net aan hulle wie Hy wil.

171 Nou, Saul is neergevel. Hulle—hulle—hulle het geen Vuurkolom gesien nie, maar Dit was so werklik vir Saul dat Dit hom verblind het. En 'n Stem het Daaruit gekom, gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U? Wie is hierdie Vuurkolom?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus. Ek kom van God af, ek gaan na God toe."

172 Nou, Hy . . . Alles wat God was, het Hy in Christus ingestort. Hy was die Volheid van die Godheid liggaamlik. En alles wat Christus was, het Hy in Sy Kerk ingestort: "Daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My, Ek in julle, en julle in My." Sien? Dis God. Dit was God bo ons, God met ons, God in ons. Sien wat ek bedoel? Daar is dit, dieselfde God.

173 Nou, as daardie Lig nie dieselfde werke doen wat Dit gedoen het toe Dit in die Seun van God was nie, dan is dit nie dieselfde Een nie, dit is nie. Maar as Dit dieselfde werke doen . . . Net soos ek gesê het, as jy al die lewe uit 'n appelboom kon haal, elke stukkie van die lewe, en die lewe van 'n peerboom oordra na 'n appelboom toe, sal dit pere voortbring. Sien? As gevolg van die lewe daarin. Dis wat dit dra, die vrugte is in die lewe, natuurlik. En dis dieselfde ding hier. As jy die Lewe van Christus sit, en die lewe van 'n sondaar uithaal, hy moet eers sterf, en dan wanneer die Lewe van Christus in hom inkom, dan sal hy die Lewe van Christus voortbring, want Dit is wat binne-in hom woon. Sien? "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen," want Sy Lewe is in hom.

174 Nou, julle broers, julle pastore, hulle mag miskien nie in staat wees om te profeteer en dinge te voorspel nie, want profete word as profete gebore. Daar is 'n gawe van profesie in die Kerk, maar profete word altyd as profete gebore. Sien? Die—die stem van profesie in die dienste, die gawe van profesie moet beoordeel word. Maar let op. Nou, maar daar is meer as 'n . . . Daar's apostels, profete, pastore, leraars, evangeliste. Sien? Hulle is almal ampte. En hierdie broers . . . Ek's nie 'n leraar, of prediker nie. Sien? Want ek kan nie hulle ampte hê nie, hulle kan nie myne hê nie. Maar: "God het in die Kerk geplaas . . ." Hierdie manne is ook God se manne, net soveel reg om te bid vir enigiemand. En ek's net hier . . .

175 Sien, ons is almal eenders, sodat my Indiaanse broers dit kan begryp, ons vang almal vis, ons vang. En daar's net *soveel* vis in hierdie meer wat gevang moet word, en dis alles daarvan. Die Koninkryk van God is soos 'n man wat 'n net geneem het, en gegaan het, dit ingegooi het, die net, dit uitgetrek het, hy het paddas, akkedisse, goggas, slange, en visse gehad. Wel, hulle was visse van die begin af, hulle was paddas van die begin af, net 'n tydjie, en die paddas sal terugspring in die water, en die slange sal teruggaan, die waterspinnekoppe sal terugkruip, en die krewe sal onder iets inhardloop, maar die visse is die Meester s'n.

176 Nou, hierdie broers trek met die net op verskillende dele van God se groot meer. Nou, ek kom na hierdie stadjie toe om my net in te weef by julle s'n, sodat ons ver kan uitreik, weg van een hoek, of, een gemeenskap af, ver uitreik, en trek, dis al ons nette bymekaar. Kan julle nie sien nie? Ons is broers. Ons mag—

ons mag verskil. As ek vir Broer Bybskal hier kom vra oor een of ander teologie, sou hy . . . mag ons verskil, en ek het nog nie 'n beter man in my lewe ontmoet nie. Sien? Ons mag verskil. Maar . . . My kinders daaragter . . . Ek het drie kinders by die huis. Ek gaan om roomys te kry, moet ek drie verskillende soorte kry, een wil vanilla hê, een wil aarbei hê, een wil sjokolade hê, wel, wanneer ek met die roomys kom, lyk soos 'n reënboog, maar kyk, dis alles roomys, die geur maak nie saak nie. Daar het ons dit, broer! Glorie! Dis reg. Ons eet almal roomys.

177 "Deur een Gees is ons almal in dieselfde Liggaam gedoop." En die manier wat ons vanaand hier kan sit, 'n reënboog is 'n verbond. God is 'n God van verskeidenheid. Glo julle dit nie? God het nie alles soos Sears en Roebuck, Harmonie Huis nie. Nee, meneer, God is 'n God van verskeidenheid. Hy maak groot berge, Hy maak klein bergies, Hy maak woestyne, Hy maak seë, Hy maak klein mensies, groot mense, Hy maak wit blomme, swart blom, blou blomme, pienk blomme. Hy is 'n God van verskeidenheid. En dis hoe Hy dit wil hê.

178 Maar die . . . Nou, wat as die wit blom ingaan by die rooi blom, en sê: "huh. Ek gaan nie in die ruiker van God wees nie. Hum-um! Nee, meneer, want ek's nie . . . jy's nie 'n rooi blom nie." Nee, hulle kom net bymekaar vir die Meester. Amen. Dis hoe ons dit doen, kom bymekaar vir die Meester. Dis reg.

179 Nou, die Heilige Gees is hier, en Jesus het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." Is dit reg? Hulle kon Hom nie glo, as 'n Mens, om God te wees nie. Hulle kon net nie sien dat dit enigiets kon wees nie. Gesê: "U stel Uself gelyk aan God, as die Seun van God." Nou, ons weet Jesus was Seun. Hy het gesê: "Die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie."

Tomas het gesê: "Toon ons die Vader en dit is vir ons genoeg."

180 Hy het gesê: "Ek is so lankal by julle, ken julle My nie? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. Dis nie Ek wat die werke doen nie. Dis My Vader wat in My woon." God is 'n Gees; Jesus was die Mens, Hy was die Tabernakel waarin God gewoon het. Sien?

181 Nou, Hy het die Gees sonder maat gehad, soos al daardie water daarbuite in die see, dit is Wat in Hom was. Maar in ons, is dit net 'n lepelvol Daarvan, ons het Dit ten dele. Maar onthou, dieselfde chemikalieë wat in die hele see is, is in die lepel, nie soveel daarvan nie, maar dieselfde soort. Amen. Sien? Dis reg. Dis hoekom Hy gesê het: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

182 Nou, toe hy Sy Messiaanse teken getoon het, was dit vir sommige. Hy was 'n leraar: "Hier is *hulle*, hier is verkillende dinge," wat Hy alles gedoen het. Hier is dit verteenwoordig in

Sy Kerk. Hy is hier om julle te help, en ons preek die Woord hier, doen alles wat ons kan om te help.

183 Nou, as ek die waarheid gepraat het, het God 'n verpligting teenoor Sy Waarheid. Is dit reg? Nou, voor ons hier opkom . . . En julle weet, julle pastore, julle weet dat hulle leraars is, julle weet dat hulle magtige manne van God in die Woord is. En nou, dat God mag spreek of ek die waarheid gepraat het of nie, hoeveel hierbinne is nou siek? Steek julle hande op. Voor ons bid, steek net jou hand op, sê: "Ek's siek, ek wil hê jy moet vir my bid." Goed. Nou, daar's allerhande hande, natuurlik sou ek nie weet watter een watter een is nie. Nou, laat ons net in ons harte bid.

184 Nou, die Bybel het gesê dat Jesus Christus 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. As dit reg is, sê: "Amen." Net nou is Hy 'n Hoëpriester. En as julle Hom kan aanraak, en Hebreërs 13:8 het gesê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," sal Hy dieselfde optree. Sien? Hy is in die vorm van die Heilige Gees. Dan as—as jy Sy kleed aanraak, soos daardie vrou het, met die gevoel van jou swakhede, dan sal Hy weer reguit terugspreek deur, want hier's 'n deel van Sy Kerk, hier is die leraars, en uitlate, en kanale. Sien? En kyk net of dit nie God is nie. Laat die mense hierbinne weet dat Hy God is. Hy is God, en Hy bly dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou, laat ons stil bid, elkeen, vir ons swakhede. Laat ons, almal, op julle eie manier bid. Glo net. Sê: "God, wees genadig, laat ek U kleed aanraak, Vader. Ek bely my sondes, ek's verkeerd. En Here God, as U net sal laat—laat . . . "

185 En julle mense daaragter, Hom so pas aanvaar het, sê: "Here, daardie man het sekerlik geweet dat daar sondaars hierbinne is of hy sou nie 'n oproep soos daardie gemaak het nie, en ek het my hande opgesteek. Ek het nog nooit gesien dat enigiets soos hierdie gedoen word nie. Ek het hom hoor vertel van daardie getuienisdiens. As ek kan sien dat dit gedoen word, sal ek ook 'n getuienisdiens begin, dat ek dit gedoen sien word het, want hulle het gesê U is dieselfde." Nou, bid jy en sê: "Vader, laat ek U kleed aanraak. In Jesus' Naam. Amen."

186 Nou, kyk hiernatoe. Glo. Kom ons gaan net volgens—volgens seksies, sodat ek net op die seksie kan toespits. Nou, glo jy met jou hele hart. Nou, laat die Heilige Gees . . . Plegtig nou, almal net so eerbiedig en stil as wat julle kan wees. En moet net nie . . . Kyk—kyk na my, maar moenie . . . Soos Petrus en Johannes wat deur die poort gegaan het, gesê het: "Kyk na ons." Dit het beteken, let op na wat hulle sê. Hy het gesê: "Silwer en goud het ek nie; dit wat ek het, gee ek jou."

187 Nou, as ek enige van julle kon genees, sou ek dit kom doen het, julle weet dit, ek glo julle glo dit, as ek dit kon doen, maar ek kan nie, niemand anders kan nie. Nie eers God kan nie, Hy het dit alreeds gedoen. Die enigste ding, Hy laat julle weet Hy is

hier om te bevestig wat Hy gesê het is reg. Hoeveel verstaan dit? Dat Sy Teenwoordigheid bevestig dat . . .

188 Kyk hier. Wel, hoeveel groter sal dit wees om—om 'n—'n persoon daarbuite te sien wat jy nog nooit in jou lewe gesien het nie, en hulle lewe te openbaar, of iets aan hulle soos daardie, wanneer dit sou wees, selfs om net hande op die siekes te lê, en hulle te sien gesond word? Dis 'n wonderwerk wat ons vir tweeduisend jaar nie in die Kerk gehad het nie. Maar dit is belowe in die aandtyd, en hier is ons, nie vir die formele kerk nie, maar vir die uitverkore Kerk, Abraham se Saad, alleenlik. Nou, glo.

As enigiemand nie glo dis God nie, kom hier op en neem my plek in. Hê geloof.

189 Daar's 'n klein, mooi klein dogtertjie wat net hier sit en kyk na my, en die klein . . . dis 'n klein Indiaanse dogtertjie. Daar's iets verkeerd met jou, Suster. En onder in jou klein, kinderhartjie, het jy Iets getref. Ek wil vir jou iets vra, Suster. Jy het 'n baie liefdevolle gevoel rondom jou gevoel, net sodra ek gepraat het, het jy nie? Daardie Lig het reg bokant jou afgekom. Jy ly aan 'n ekseem wat nie wil weggaan nie. Dis reg, is dit nie? As dit reg is, steek jou hand op. Dit gaan jou nou verlaat. Sien? Jou geloof doen dit. Skat, het jy 'n gebedskaartjie gehad? Jy—jy het een gehad, jy hoef dit nie nou meer te gebruik nie. Ek het afgekyk, ek het gedink ek het een gesien, was iets in haar hand. Wees net eerbiedig.

190 Hier, wit vrou, wat daar ver agter sit en kyk na my. Sy ly aan iets verkeerd in haar keel en in haar bors. God, moenie dat sy dit mis nie. Hemelse Vader, help haar, asseblief. Mejuffrou Alexandra, glo jy met jou hele hart. Glo jy? Steek jou hand op. Goed. Luister, luister hierna. Toe ek die eerste keer gespreek het, het jy gedink dit was jy, maar jy was nie seker nie. Dis reg. Toe het jy soort van baie ontsteld, bang geraak. Daardie Lig het weggegaan van haar af en toe teruggekom. Sien? Toe, toe Dit het, het ek haar iets in haar hand sien vashou wat oor die pos gekom het, en dit het gesê: "Alexandra." Goed. Gaan voort. Jou geloof red jou. Amen. Glo julle Hom? Dis al wat julle hoef te doen, is om Hom te vra en te ontvang.

191 Wat van iemand *hier*binne? Hier. Hier is 'n man wat soort van is in 'n . . . wat kom tussen middeljare en oud. Hy kyk reguit na my, hy wonder in sy hart, of ek regtig met hom praat. Dis jy. Jy ly aan een of ander iets in jou gesig, soos 'n senuwee wat doodgaan. En dis 'n . . . het begin in 'n hospitaal, of iets, of een of ander iets wat jy laat doen het. En jy kan nie slaap nie, dit pla jou so erg. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, glo, en dit sal jou nie meer pla nie.

192 Jou vrou wat daar sit, die dame reg langs jou met die kolletjies-rok aan, dit het haar soort van verkwik, sy het net nie

geweet wat om te doen nie. Dis reg. Ek ken jou nie, dame, ken ek? Glo jy dat ek God se profeet is? Sal jy my ontvang as Sy profeet? As ek jou sê, en jy wat 'n vreemdeling vir my is, van hieraf siende dat jy—jy 'n gelowige is, want, met hom gebeur, en as jy my glo met jou hele hart, en ek kan aan jou openbaar wat jou probleem is, sal jy weet of dit die waarheid is of nie. Nou, jy's ernstig siek, dis 'n hartprobleem. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, glo jy met alles wat in jou is, en dit sal jou verlaat. "Moenie bevrees wees nie; dit is Ek; hou goeie moed."

193 Hier's 'n Indiaanse dame, wat daar heel agter sit en kyk na my. Sy het haar hand langs haar kop gehou, haar gesig gevryf. Sy word gepla met probleme in haar arm. O God, mag sy dit nou nie mis nie. Indiaanse Suster, ek praat met jou, Juffrou Jacobson, glo my met jou hele hart. Dit het dit gekry. Daar het julle dit. Amen.

194 Glo julle? Nou, glo julle dis die Heilige Gees? Steek julle hand op. Kyk dan, dan is daardie salwing nou op my, en glo my terwyl ek sê ek praat die waarheid, en God dit bevestig as die waarheid. Dan, daardie selfde Heilige Gees, net in 'n ander amp, is op hierdie manne, almal van ons. Nou, ons gaan hierbo staan, almal van ons gesalf met die Heilige Gees, en elke persoon in die gebou laat verbykom, en ons sal bid en hande op julle lê. En die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." "*Hulle* volg," dis ek en julle saam, julle en hulle saam. Sien? Glo julle. Ons sal hande op julle lê, en vir julle bid soos julle verbykom. Gaan uit hierdie gebou uit, net verheug gelukkig, en moet dit nooit laat los nie, en julle sal gesond word.

195 Nou, as julle glo dat ek 'n ware dienskneg van Christus is . . . Ek het met julle gepraat uit die Woord van God. God het afgekom en die Woord van God bevestig, en ek het teruggepraat met julle, vir julle gewys dat dit God is, en God se Woord belowe hierdie aan elkeen van julle. Wat kan Hy nog doen? Niks. Hy kan julle nie gesond maak nie, want Hy het dit alreeds gedoen.

196 Die enigste ding wat julle moet doen, is om net hier verby te gaan. En sodra julle in die water ingaan en gedoop is, sê julle: "Ek's 'n Christen, want ek het bely en is gedoop." Wanneer julle hier verbykom, en daar word hande op julle gelê, sê: "Ek's genees, want God het gesê die gebed van geloof sal die siekes red." Gaan hier uit, loop net reguit hier onder uit asof jy onder Golgota deurgeloop het, en skree en prys God, dis verby. Glo julle dit? Amen! Ek het Hom lief, en julle? Amen.

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmánuel's aar,
Waar sondaars gedompel onder die vloed,
Elk' sondevlek verloor.

Die sterwende dief het gejuig om te sien
Die Fontein daar in sy dag;

Daar kan ek, tog sleg soos hy,
Al my sondes weg kom was.

Nadat ek deur geloof daardie stroom gesien het
Wat U vloeiende wonde voorsien het,
Was verlossingsliefde my tema,
En sal wees totdat ek sterf.

Dan in 'n edeler, soeter lied,
Sal ek sing van Sy reddingskrag,
Wanneer hierdie arme lispende, stamelende tong
Daar stil lê in die graf.

197 Halleluja. Ek glo Hom. O! Daar's plek by die Fontein vir elkeen van ons. O, wanneer ons in daardie genesende Stroom inspring, wat deur geloof afstort van God uit die Hemel, uitstort op die mense om hulle Sy Teenwoordigheid te wys! Hy is nou hier, Hy het julle lief, Hy het elkeen van julle lief.

198 Hoeveel van julle het nou gebedskaartjies? Steek julle hand op. Hulle wat gebedskaartjies in hierdie ry het, hierdie seksie, laat hulle teen die muur staan aan daardie kant, almal met gebedskaartjies, staan oorkant aan daardie kant. En almal met gebedskaartjies in hierdie seksie, staan oorkant in die middelgang. En sodra hulle aan die einde kom, val julle reguit hier in agter hulle. Dan sodra al die gebedskaartjies uit is, laat hierdie seksie dan aan daardie kant staan. En hierdie seksie wat nie gebdskaartjies het nie, val reguit in by die ander. Broer Borders sal die mikrofoon neem en instruksies gee.

199 En nou, kom hier my broers. Dankie, Broer Eddie. ['n Broer sê: "Na jou toe daarbo, Broer Branham, of daar na ondertoe?"—Red.] Waar kan ons die beste daarby uitkom? Daaronder? Ek wonder. . . ["Nou trappe."] Goed. Dit is. Daar mag sommige van hulle wees wat kreupel is. Ek sê julle wat ons gaan doen, ons gaan afkom soontoe. Kom ons gaan reguit af, dis wat ons kan doen, net nou. Goed, kom net. Kom net af, net reguit af hiernatoe, elkeen van julle broers. Staan net daar. . .?. . . [Leë kol op band.]

. . . ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet,
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

200 Is Hy nie wonderlik nie? Hoeveel glo dat julle gesond en sterk gaan wees? Amen. Hoe wonderlik, wonderlik! God seën julle. Kom ons sluit nou ons oë, soos ons uitmekaar uit gaan, ek hoop om julle weer te sien, en tot ek julle sien sal ek vir julle bid, bid julle vir my. Sal julle dit doen? Ek sal Port Alberni nooit vergeet nie. Enigste ding, ek wens net ek het meer tyd gehad om te bly; ek het julle lief met onsterflike Christenliefde. Ooit, enige tyd wat ek julle 'n guns kan bewys, die nagte sal nie te lank raak nie, en

die reën sal nie te hard val nie, bel my, ek sal enige tyd vir julle bid, enigiets wat ek kan doen om 'n guns vir julle te bewys, tot ons weer ontmoet.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

201 Pastore. Neurie dit net. O, hoe wonderlik! Hoe soet is dit dat broers in eenheid saamstaan, net soos die kosbare salwingsolie wat op Aäron se baard was, wat afgeloop het tot op die some van sy kleed. Ek haat dit om julle te verlaat. Uh-huh. God seën julle. Kom ons sing dit weer, sal julle?

. . . weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; (Weer ontmoet!)
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou . . .

God seën jou, Broer.

'n Getuienis op die see AFR62-0726
(A Testimony Upon The Sea)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 26 Julie 1962, by die Legioen Ouditorium in Port Alberni, Brits-Colombië, Kanada, is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org